## Titel en skrywer

# Die briewe van Paulus

deur

prof. J.C.Coetzee

www.christelikemedia.org

## Inhoud

Titel en skrywer ... 1
HOOFSTUK 1 DIE GESKRIFTE VAN DIE APOSTEL PAULUS ... 6
1. AANTAL EN VERSAMELING ... 6
2. 'n KORT OORSIG OOR DIE KRITIEK TEEN PAULUS SE OUTEURSKAP ... 7
3. VERLORE BRIEWE VAN PAULUS? ... 8
4. VALSE GESKRIFTE ONDER PAULUS SE NAAM GESKRYWE ... 8
5. SY GESKRIFTE IS EGTE BRIEWE ... 8
6. FORMELE STRUKTUUR ... 9
7. NEERGEPEN DEUR SEKRETARISSE ... 9
8. 'N OORSIGTELIKE KRONOLOGIE VAN PAULUS SE LEWE EN BRIEWE ... 10
9. DIE PLEK VAN DIE PAULINIESE CORPUS IN DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN DIE NUWE TESTAMENT ... 11
HOOFSTUK 2 DIE PERSOONLIKE AGTERGROND VAN DIE APOSTEL PAULUS WAARDEUR GOD HOM TOEGERUS HET VIR SY DIENSWERK ... 12
1. SY NAME ... 12
2. OPREGTE ISRAELIET ... 13
3. DIASPORA-JOOD ... 14
4. ROMEINSE BURGER ... 15
5. SKRIFGELEERDE EN LID VAN DIE JOODSE RAAD ? ... 16
6. FARISEËR ... 17
7. VERVOLGER VAN DIE KERK VAN DIE HERE JESUS ... 18
8. APOSTEL VAN DIE NASIES EN BYBELSKRYWER ... 18
HOOFSTUK 3 DIE BRIEF VAN DIE VRYHEID IN JESUS CHRISTUS GALASIËRS ... 19
1. OUTENSITEIT ... 19
2 GEADRESSEERDES EN DATERING ... 20
3. DOEL VAN DIE SKRYWER ... 21
4. DIE SENTRALE TEMA ... 22
5. STRUKTUURANALISE ... 23
6 DIE OPENBARINGSBETEKENIS VAN GALASIËRS IN DIE KANON. ... 25
HOOFSTUK 4 DIE BRIEWE OOR DIE WEDERKOMS I en II THESSALONICENSE ... 26
1. SAKE RAKENDE BEIDE BRIEWE ... 26

1.1 DIE GEMEENTE VAN THESSALONIKA ............................................................ 26
1.2 TYD EN PLEK VAN ONTSTAAN VAN DIE BRIEWE ........................................ 27
2. I THESSALONICENSE ................................................................................ 28
2.1 OUTENTISITEIT ........................................................................................ 28
2.2 DOEL VAN DIE SKRYWER ........................................................................ 28
2.3 TEMA EN STRUKTUUR .............................................................................. 29
3. II THESSALONICENSE ................................................................................ 30
3.1 OUTENSITEIT ........................................................................................... 31
3.2 DIE DOEL VAN DIE SKRYWER ................................................................ 32
3.3. TEMA EN STRUKTUUR ............................................................................ 32
4. DIE OPENBARINGSBETEKENIS VAN I en II THESSALONICENSE IN DIE KANON ........................................................................................................ 33
HOOFSTUK 5 BRIEWE AAN 'N PROBLEEMGEMEENTE I en II KORINTHIËRS ........ 34
1. SAKE RAKENDE BEIDE BRIEWE ............................................................. 35
1.1 DIE STAD KORINTHE EN DIE ONTSTAAN VAN DIE GEMEENTE ALDAAR ........................................................................................................ 35
1.2 DIE TYD EN PLEK VAN ONTSTAAN VAN DIE BRIEWE ............................... 36
2. I KORINTHIËRS .......................................................................................... 37
2.1 DIE AANLEIDING TOT DIE BRIEF ............................................................ 37
2 2 DIE OPSET EN EIE-AARD VAN DIE BRIEF ................................................ 37
2. 3 'N SENTRALE TEMA ? .............................................................................. 38
2.4 STRUKTUUR-ANALISE ............................................................................. 38
2.5 OPENBARINGSPLEK VAN DIE BOEK IN DIE KANON .................................. 40
3. II KORINTHIëRS .......................................................................................... 41
3.1 DIE AANLEIDING TOT DIE BRIEF ............................................................ 41
3.2 DIE EIE-AARD VAN DIE BRIEF ................................................................ 41
3.3 'N SENTRALE TEMA ? .............................................................................. 42
3.4 'N INHOUDSOORSIG ................................................................................ 42
3.5 DIE OPENBARINGSBETEKENIS IN DIE KANON ......................................... 42
HOOFSTUK 6 DIE BRIEF VAN DIE NUWE LEWE VAN DIE ONSKULDIGVERKLAARDES - ROMEINE ................................................................ 43
1. OUTENSITEIT ........................................................................................... 44
2. DIE GEADRESSEERDES ............................................................................ 44
2.1 PAULUS SE VERBAND MET DIE GEMEENTE IN ROME ................................ 44

2.2. DIE ONTSTAAN VAN DIE GEMEENTE ............................................................45
2.3 DIE SAMESTELLING VAN DIE GEMEENTE......................................................45
3. TYD EN PLEK VAN ONTSTAAN.................................................................................46
4. INTEGRITEIT (EENHEID).............................................................................................46
4. 1 GEDEELTES IN GEDING .......................................................................................46
4. 2 HOOFARGUMENTE VAN KRITICI .......................................................................46
4 .3 TEENARGUMENTE TEN GUNSTE VAN R OME INE 16 SE EENHEID MET DIE BRIEF..........................................................................................................................47
5. DIE DOEL VAN DIE SKRYWER ....................................................................................48
6. TEMA VAN DIE BRIEF...................................................................................................48
7. STRUKTURELE OPSET EN STRUKTUUR-ANALISE ...............................................49
8. OPENBARINGSBETEKENIS IN DIE KANON ...........................................................52
HOOFSTUK 7 DIE GEVANGENSKAPSBRIEWE...............................................................54
1. SAKE RAKENDE AL VIER BRIEWE ............................................................................56
1.1 INLEIDEND: DIE BENAMING "GEVANGENSKAPBRIEWE "..........................56
1.2 TYD EN PLEK VAN ONTSTAAN VAN DIE BRIEWE .........................................56
2. DIE BRIEF AAN DIE KOLOSSENSE: JESUS, HOOF VAN DIE KERK ...................57
2. 1 DIE CHRISTELIKE GE MEENTE IN KOLOSSE ..................................................58
2.2. DOEL VAN DIE SKRYWER...................................................................................58
2.3 TEMA EN STRUKTUUR..........................................................................................59
2.4 OPENBARINGSBETEKENIS IN DIE KANON ......................................................60
3. DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS: DIE KERK, LIGGAAM VAN CHRISTUS...........61
3.1 OORSPRONKLIKE LESERS.....................................................................................61
3.2 TEMA EN STRUKTUUR..........................................................................................61
3.3 OPENBARINGSBETEKENIS IN DIE KANON ......................................................62
4. DIE VERBAND TUSSEN KOLOSSENSE EN EFESIËRS............................................63
5. DIE BRIEF AAN FILEMON: DIE ALLESOORTREFFENDE BROEDERBAND IN CHRISTUS ................................................................................................................64
5.1 OUTENTISITEIT (EGTHEID) EN KANONISITEIT...............................................65
5.2 OOSPRONKLIKE LESER(S)....................................................................................65
5.3 INHOUD EN TEMA VAN DIE BRIEF ...................................................................66
5.4 OPENBARINGSBETEKENIS IN DIE KANON ......................................................66
6. DIE BRIEF AAN DIE FILIPPENSE: DIE CHRISTELIKE BLYDSKAP......................67
6.1 DIE STAD FILIPPI EN DIE ONTSTAAN VAN DIE GEMEENTE ALDAAR .....67

6.2 SENTRALE TEMA EN STRUKTUURANALISE ....................................................68
6.3 DIE OPENBARINGSBETEKENIS VAN DIE BOEK IN DIE KANON.................70
HOOFSTUK 8 DIE PASTORALE BRIEWE ..........................................................................70
1. DIE NAAM "PASTORALE BRIEWE" ............................................................................71
2. DIE GEADRESSEERDES ..................................................................................................71
3. OUTENSITEIT........................................................................................................................72
4. DIE TYD EN PLEKKE VAN ONTSTAAN.......................................................................74
5. DIE DOEL VAN DIE PASTORALE BRIEWE ...............................................................75
6. TEMA EN STRUKTUUR VAN ELKE BRIEF..................................................................76
7. OPENBARINGSBETEKENIS VAN DIE PASTORALE BRIEWE IN DIE KANON..79
ENKELE BRONNE: ................................................................................................................79

## HOOFSTUK 1 DIE GESKRIFTE VAN DIE APOSTEL PAULUS

Skema:

1. Aantal en versameling.

2. Kort oorsig oor die kritiek teen Paulus se outeurskap

3. Verlore briewe van Paulus?

4. Valse geskrifte onder Paulus se naam geskryf.

5. Sy geskrifte is egte briewe,

6. Formele struktuur.

7. Neergepen deur sekretarisse.

8. 'n Oorsigtelike kronologie van Paulus se lewe en briewe.

9. Die plek van die Pauliniese Corpus in die ontstaansgeskiedenis van die Nuwe Testament.

### 1. AANTAL EN VERSAMELING

Die apostel Paulus is die menslike skrywer vir wie die Heilige Gees by verre die meeste gebruik het in die teboekstelling van die Woord van God. Van die sewe-entwintig boeke van die Nuwe Testament is byna die helfte, naamlik DERTIEN die werk van Paulus.

Hierdie briewe, bekend as die Pauliniese Corpus, het saam met die Evangelies en Handelinge 'n baie vroeë vaste kern van die Nuwe Testamentiese kanon (kanon = bundel van gesaghebbende Goddelike boeke) gevorm.. Die waarde en gesag van Paulus se briewe is van die heel begin af aanvaar, en die heel vroegste getuienis (reeds uit die eerste eeu!) vind ons nog binne die Nuwe Testament self, en wel in 2 Petrus 3: 15-16! Teen die tweede helfte van die tweede eeu kom hulle in vroeë kanonlyste reeds

by name voor en in ons oudste manuskripte van die briewe kom hulle feitlik konsekwent reeds voor in die volgorde waarin hulle in ons Bybels staan. En dit is volgorde volgens LENGTE van die geskrifte en NIE volgens hulle kronologiese orde nie! Verder gaan briewe aan gemeentes voorop gevolg deur die persoonlik-gerigte briewe.

Vir baie eeue is Die Brief aan die Hebreërs ook vry algemeen beskou as van Paulus afkomstig - tewens so staan dit nog in artikel 4 van die N. G. B ! Daarvolgens was daar dan 14 briewe van Paulus.

Die naam van Paulus staan natuurlik nie in dié brief soos wel die geval is in die eerste vers van al Paulus se briewe nie. Dit was vanaf die laat tweede eeu dat eers die kerke van Alexandrië, daarna die Oosterse kerke en so vanaf die vierde eeu ook die kerke in die Weste die brief as Paulinies begin beskou het. Die waarskynlike aanleiding was veral die feit dat Paulus se getroue helper Timotheüs in Hebreërs 13: 23 genoem word, en dit uit Hebreërs 13: 24 Iyk asof die skrywer in Italië is (waar Paulus lank 'n gevangene was).

Vandag word dit op goeie wetenskaplike grond deur feitlik geen teoloë meer as Paulinies beskou nie en aanvaar ons beslis net die dertien briewe wat in die Bybel op sy naam staan as Paulus se eie geskrifte.

## 2. 'n KORT OORSIG OOR DIE KRITIEK TEEN PAULUS SE OUTEURSKAP

In die vroeë kerk en deur die eeue tot in moderne tye was daar geen bevraagtekening van Paulus se outeurskap van al dertien briewe (dus van hulle OUTENSITEIT) nie. Marcion, die ketter van - 150 n. C. het die Pastorale Briewe wel nie in sy kanon (Lukas en die eerste tien briewe van Paulus) opge

neem nie, maar hy was daarteen omdat hulle dwalinge wat tipies soos sy eie dwaling was, bestry het.

Die eintlike aanslag op die egtheid of outentisiteit van die briewe begin heel vroeg in die 19e eeu (Schleiermacher, Über den Sogenannten ersten Brief des Paulus an den Timotheus, 1807). Dit bereik 'n hoogtepunt in die skeptisisme van die Duitse Tübingen Skool van F C Baur e.a. wat teen die helfte van die vorige eeu nog net Galasiërs, I en II Korinthiërs en Romeine as eg erken het, en absurditeit in die Hollands-Radikale Skool van A.D Lo man e.a. wat die outentisiteit van AL Paulus se briewe verloën.

Sedertdien moes die kritiese teologie stap vir stap terugkom op hulle "histories-bewese feite", sodat vandag deur hulle eintlik nog net die Pastorale Briewe (I en II Timotheüs en Titus) vry algemeen as oneg beskou word, terwyl II Thessalonicense, asook Efesiërs en Kolossense ook nog redelik bevraagteken word. By die bespreking van die Pastorale Briewe en II Thessalonicense sal ons op die kritiek ingaan en dit kortliks beantwoord.

## 3. VERLORE BRIEWE VAN PAULUS?

Ons weet inderdaad dat die apostel nog ander briewe geskryf het, wat nie in die Nuwe Testament ingesluit is nie, en wat ons ook nie meer besit nie.

So lees ons in I Korinthiërs 5: g van 'n vorige brief aan die Korinthiërs en in II Korinthiërs 2: 4 van 'n brief geskryf "onder baie trane"" wat na I Korinthiërs maar voor II Korinthiërs geskryf is (vgl. verder by die behandeling van die Korinthiërbriewe), Verder lees ons in Kolossense 4: 16 van 'n brief van Paulus aan die Laodicense. Ook dié brief is verlore, Natuurlik kon Paulus naas die drie ook nog ander geskrifte geskryf het. Dit was egter nie die wil

van God dat hulle in sy Woord opgeneem word nie - net soos die Here Jesus self nog baie ander dinge gesê en gedoen het as wat in die Evangelies staan (vgl. Johannes 20: 30-31)'

## 4. VALSE GESKRIFTE ONDER PAULUS SE NAAM GESKRYWE

Juis vanweë die feit dat dit bekend was dat Paulus sodanige briewe geskryf het wat nie in die Nuwe Testament opgeneem is nie, is daar, waarskynlik in die tweede eeu, twee valse geskrifte onder sy naam geskrywe (dus PSEUDEPIGRAPHA) bekend as III Korinthiërs en Die Brief aan die Laodicense.

Laasgenoemde is 'n sinnelose kompilasie van tekste veral uit Filippense. Verder besit ons 'n pseudepigraaf getitel Briefwisseling tussen Paulus en Seneca en was daar ook 'n valse Brief aan die Alexandryne.

## 5. SY GESKRIFTE IS EGTE BRIEWE

'n Feit wat deeglik in gedagte gehou moet word by die lees en bestudering van Paulus se geskirfte, is dat hulle nie bedoel is as literêre produkte waarvoor bloot die literere genre van die epistel vir vormgewing gekies is nie. Hulle is nie tydlose verhandelings waarby bloot ter wille van verlewendiging van die aanbieding 'n briefadres en slot gevoeg is nie.

Nee, maar Paulus skryf aan spesifieke mense, indiwidue (soos Timotheüs, Titus, Filemon) of gemeentes, in 'n spesifieke tyd en om bepaalde redes.

Baie van die kritici se spitsvondige teorieë teen die eenheid (of INTEGRITEIT) van baie van Paulus se briewe, dat bv.. Filippense 3 oorspronklik nie deel was van die Filippense

brief nie, omdat die gemoedstoestand van die skrywer nou skielik hier anders, heftiger, is as in die ander dele van die brief waar 'n optimisties-vrolike stemming heers, is studeerkamerkritiek wat tuishoort pp 'n literere werk wat 'n streng eenheidsatmosfeer moet behou, en vergeet dat Paulus emosioneel ten diepste betrokke was by die wel en weë van sy gemeentes

## 6. FORMELE STRUKTUUR

Die formele opset van al Paulus se briewe is dan ook presies "volgens het model van de in Egypte gevonden hellenistischebrievenn(A. F. J. Klijn, De Wordingsgeschiedenis van het nieuwe testament, bl. 84). Die manier waarop Paulus se briewe begin en afsluit, was maar die manier waarop enige briefskrywer in daardie Grieks-Romeinse wereld dit destyds gedoen het.

In 'n aanhef word:

EERS die skrywer se eie naam genoem ("Paulus"), en hy identifiseer hom as daar enige gevaar van verwarring met 'n ander persoon sou kon wees (" 'n geroepe apostel van Jesus Christus..."); TWEEDENS die geadresseerde(s) se naam genoem ("aan die gemeente van God wat in Korinthe is., .  en DERDENS 'n groet uitgespreek: Die leser(s)) word gegroet met die tipiese Griekse groet: chairein - wees gegroet, wat egter deur Paulus vervang word met 'n evangeliese groet: charis kai eirene - "genade en vrede. . . "

Volgens die Grieks-Romeinse briefstyl eindig ook Paulus se briewe telkens met: EERS die oordra van sekere GROETES ('I)ie gemeentes van Asië groet julle, Aquila en Priscilla... laat vir julle baie groete weet.. "); en DAN 'n GOEIE WENS - maar weer word hier die tipiese

Grieks slotwens "errosthe"- "wees sterk" vervang met 'n seënspreuk in die Naam van die Here: "He charis tou kuriou. . . " - "Die genade van die Here.. " (Voorbeelde is hier telkens ontleen aan I Korinthiërs - vgl. veral ook die seëngroet aan die einde van II Korinthiërs, waaraan ons gebruiklike seëngroet in ons eredienste ontleen is')

## 7. NEERGEPEN DEUR SEKRETARISSE

Hoewel Paulus die auteur is van al dertien briewe op sy naam, weet ons tog ook dat hy meestal, miskien selfs deurgaans, nie self die pen hanteer het nie. Volgens vry algemene gebruik van daardie tyd het ook hy gebruik gebruik gemaak van 'n "amanuensis", 'n skrywer of in ons ferme 'n sekretaris aan wie die outeur dan dikteer. As bewys van egtheid het die outeur dan gewoonlik teen die einde van die brief enkele woorde in sy eie handskrif geskrywe. Daarom vind ons telkens in Paulus se briewe naby die slot sulke interessante verse soos: "Die groete van Paulus, met my eie hand" (I Korinthiërs 16: 21); "Kyk met watter groot letters ek met my eie hand aan julle skrywe " (Galasiërs 6: 11); "Die groete van Paulus, met my eie hand wat 'n teken is in elke brief; so skryf ek" (II Thessalonicense 3: 17).

Hierdie feit moet deeglik in gedagte gehou word wanneer ons te doen kry met kritici se bevraagtekening van die outentisiteit van sekere briewe op grond van die feit dat die taal, styl en woordeskat verskil van ander Pauliniese briewe.

## 8. 'N OORSIGTELIKE KRONOLOGIE VAN PAULUS SE LEWE EN BRIEWE

Aangesien die briewe van Paulus nie gedateer is nie, is ons uitsluitlik aangewese op die historiese gegewens van Handelinge en Galasiërs 1-2 om 'n kronologie van Paulus se lewe en briewe uit te werk. Aangesien teoloë hieroor redelik verskil, moet ALLE DATUMS wat ons aangee as RELATIEF EN SLEGS BY B3:NADERING beskou word.

Die sekerste punt vanwaar ons berekeninge kan maak, is die geskiedenis van Handelinge 18: 12-18 waar ons lees dat Paulus in Korinthe verskyn voor die regterstoel van goewerneur Gallio. In 1905 is 'n inskripsie in Delphi ontdek waaruit geblyk het dat Gallio in die jaar Mei 51 tot Mei 52 goewerneur van Achaje was. Daarmee kan die einde van Paulus se agtien maande verblyf in Korinthe (Hd 18:11) gestel word in - helfte 51 n.C.

As ons uitgaan van hierdie vaste punt kan ons die volgende BENADERDE kronologie opstel:

Bekering van Paulus - 32

1. Voorbereidende werk in Sirië en Cilicië (Galasiërs 2: 1) - 32-46
2. EERSTE Sendingreis (Klein Asië) - 47-48
3. Einde Eerste Sendingreis - Galasiër-brief - 48-49
4. Apostelkonvent - 49
5. TWEEDE Sendingreis (Klein Asië, Masedonië, Griekeland)- I + II Thessalonicense - 50-51

6. DERDE Sendingreis (weer Klein-Asië, Masedonië, Griekeland) Gevangeneming in Jerusalem Gevangenskap in Caesarea Reis na Rome Gevangenskap (huisarres) in Rome 60

7. Gevangeneming in Jerusalem - 57

8. Gevangenskap in Caesarea - 57 - 58

9. Reis na Rome - 59

10. Gevangenskap (huisarres) in Rome (60-62); Filemon, Kolossense, Efesiërs (60-61); Filippense (62)

11. Onbekende reis? I Timotheüs en Titus - plus-minus 62-64?

12. Tweede gevangenskap in Rome - II Timotheüs - plus-minus 64-65?

13. Dood - plus-minus 65?

## 9. DIE PLEK VAN DIE PAULINIESE CORPUS IN DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN DIE NUWE TESTAMENT

Dit is so dat:

i) DIE EVANGELIES die vroegste periode van die Nuwe

Testamentiese openbaringsgeskiedenis beskryf, nl. die koms van die Messias en sy versoeningswerk in kruis en opstanding;

ii) die boek HANDELINGE 'n tweede periode in die koms

van die koninkryk van God verhaal, nl. die vestiging van die kerk van Jesus Christus onder die nasies;

iii) die BRIEWE VAN PAULUS 'n derde periode teken, nl. die ontvouing van die betekenis van die koninkryk van God in die lewe van die kerk;

iv) die ALGEMENE SENDBRIEWE 'n vierde periode skets, nl. die stryd van die kerk van Jesus Christus teen die aanslae van buite (vervolging) én van binne (valse leer);

v) en OPENBARING ons voorhou die Christusregering

deur die eeue en bring tot aan die voleinding van al die eeue.

MAAR - in die TEBOEKSTELLING van die Nuwe Testament is die briewe van Paulus (met die uitsondering waarskynlik van die brief Jakobus) waarskynlik die OUDSTE deel van die Nuwe Testament. So was Paulus eintlik die persoon wat werklik op groot skaal begin het met

die skriftelike kanon, die neerskryf van die Evangelie van Jesus Christus onder inspirasie van die Heilige Gees!

## HOOFSTUK 2 DIE PERSOONLIKE AGTERGROND VAN DIE APOSTEL PAULUS WAARDEUR GOD HOM TOEGERUS HET VIR SY DIENSWERK

Skema:

1. Sy name.
2. Opregte Israeliet.
3. Diaspora Jood.
4. Romeinse burger.
5. Skrifgeleerde. En lid van die Joodse Raad?
6. Fariseër.
7. Vervolger van die kerk van die Here Jesus.
8. Apostel van die nasies en Bybelskrywer.

Die apostel Paulus erken in Galasiërs 1: 15 dat die Here God hom al van voor sy geboorte bestem en geroep het tot die diens om apostel van Jesus Christus aan die nasies te wees, en dat God hom dus van kindsbeen af voorberei het vir sy dienswerk later.

Dit sien ons so pragtig as ons let op sy persoonlike agtergrond waarmee God hom opgevoed en voorberei het vir sy latere diens as apostel van die nasies. Ons let kortliks op enkele kardinale sake.

### 1. SY NAME

Die misverstand bly maar aldeur vassteek as sou die man se naam eers Saulus gewees het en God dit na sy bekering verander het na Paulus. Dit is nie waar volgens die Bybel nie.

Sy Joodse naam wat sy ouers hom gegee het by geboorte was in Hebreeus of Aramees ongetwyfeld: Shaoul dieselfde naam as die van koning Saul van die Ou Testament. Die Griekse weergawe daarvan in ons Griekse Nuwe Testament is Saulos, wat, volgens die Latynse spelling, in ons Afrikaanse Bybels geword het: Saulus.

Nou was dit ook 'n voorgeskrewe prosedure binne die grense van die Romeinse Ryk dat alle onderdane, naas hulle "geboortenaam" in hul moedertaal, ook 'n eg Grieks-Romeinse naam moes ontvang.

Gebruiklik was dan by die Jode om 'n Griekse of Latynse naam te kies so na aan die oorspronklike na vorm en uitspraak as moontlik. So was Shaoul se Grieks-Latynse tweede naam dan Paulos (Afrikaans: Paulus). Ons skrywer het dus eintlik 'n dubbele naam gedra: Shaoul Paulos.

Dit is wonderlik hoe noukeurig Lukas, die skrywer van Handelinge, hom hou aan die naamsgebruik van die apostel: Solank die apostel in Joodse of Aramees-sprekende gebiede is, gebruik Lukas vir hom konsekwent die Joodse naam "Saulus" - ook na sy bekering, vergelyk Handelinge 9: 8, 22, 24 ens.;.; Handelinge 13: 1, 2, 7. Ja, in die mond van die Here Jesus gebruik Lukas tereg selfs nog d;e oorspronklike Aramese vorm: Saoul of Shaoul (Handelinge 9: 4)! Sodra die apostel egter op sy eerste sendingreis in Hellenistiese gebied, nl. Ciprus aankom, se Lukas in Handelinge 13: 9: "Maar Saulus, dit is Paulus .... " - om voortaan slegs sy Grieks-Latynse naam te gebruik!

## 2. OPREGTE ISRAELIET

Die Jode van destyds was uitermate gesteld op rassuiwerheid en die vermoë om jou stamboom so ver as moontlik

te kon terugvoer.

En SO vind Paulus hom in sy sendbriewe herhaaldelik gedwing om, teen die Jode wat hom by die Joods-christene onder verdenking probeer bring het, homself aan te toon as 'n opregte Israeliet in die volste sin van die woord.

So lees ons in Filippense 3: 4, 5: "As iemand anders meen dat hy op die vlees kan vertrou, ek nog meer. Ek is besny op die agtste dag, uit die geslag van Israel, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreeërs... " (vergelyk ook o.a. Romeine 11: 1; II Korinthiërs 11: 22).

Hoër aansprake van ware, rasegte, élite en konserwatiewe Israeliet-wees kon haas geen Jood aanvoer nie' Met so 'n getuigskrif kon geen Joodse huis vir Paulus op sy sendingreise gesluit bly nie'

Wat beteken hierdie dinge dan?

a) "BESNY OP DIE AGTSTE DAG" - volgens Genesis

17:12 en Levitikus 12: 3 moet elke Israelitiese seuntjie agt dae na geboorte besny word. Hiermee stel Paulus dit dus duidelik dat hy VAN GEBOORTE 'n Jood is, en dus geen proseliet is nie, dit wil sê geen anders-volkige persoon wat eers as volwassene tot die Joodse geloof bekeer is, en dus as volwassene besny is nie. - Maar, die kinders van proseliete kon tog wel "op die agtste dag besny" gewees het. Daarom vervolg Paulus nou:

b) "UIT DIE GESLAG VAN ISRAËL"- Hiermee dui die apostel homself aan as 'n rasegte Israeliet. Hy is gebore uit suiwer Israelitiese vaders sover terug as vader Jakob (Israel) self. Inderdaad het die Jode van die tyd van die Nuwe Testament besondere prys daarop gestel dat iemand om as 'n vooraanstaande

Jood aangesien te wil word, sy geslagsregister moet kan uitlê, verkieslik dan sover terug as die aartsvaders. 'n Soortgelyke kwalifikasie stel Paulus in Romeine 11: 1 en II Korinthiërs 11: 22 wanneer hy homself aandui as "nakomeling" of "uit die nageslag" van Abraham.

c) "UIT DIE STAM VAN BENJAMIN" - Paulus trek die sirkel al nouer, sodat al minder Jode saam met hom sou kon spog. Die stam van Benjamin was om verskillende redes gereken as een van dié elite stamme van Israel. Eerstens was Benjamin kind van Ragel, Jakob se lieflingsvrou. Tweedens was Benjamin die een seun van Jakob wat in Kanaän self gebore is. Derdens was die stam van Benjamin die enigste stam naas Juda wat aan Dawid en die Dawidshuis getrou gebly het - wat saam met Juda, die koningstam, die Tweestammeryk van Juda gevorm het, toe die ander tien stamme afvallig geword het.

d) " 'N HEBREËR UIT DIE HEBREËRS"- Hiermee tipeer Paulus homself nou ook KULTUREEL as uitsoek-Jood. 'n "Hebreër" het in hierdie tyd iemand aangedui wat nog Hebreeus, die taal van die Skrifte, magtig was. " 'n Hebreër uit Hebreërs" wil sê: ook my vader en moeder was Hebreeussprekend! In 'n tyd waarin die Diaspora-Jode feitlik deur die bank net Grieks gepraat het, en die Palestynse Jode net Aramees, was dit beskou as 'n teken van besondere tradisie-vastheid en kultuurtrou om nog Hebreeus self ook te kon praat.

- So was Paulus dan van huis uit opregte Israeliet in die volste sin van die woord.

## 3. DIASPORA-JOOD

Teen die begin van ons jaartelling was die Jode basies in twee groepe onderskei: Die Palestynse Jode, die Jode wat nog in Palestina self woonagtig was, en die Diaspora-Jode, of Jode woonagtig buite die grense van die beloofde land. "Diaspora" beteken letterlik

"verstrooiing", en dui op die feit dat in die Nuwe Testamentiese tyd daar baie meer Jode verstrooid buite Palestina gewoon het as daarbinne. Die proses van verstrooiing het begin met die ballingskap, toe daar met die terugkeer van Juda eintlik net 'n klein deel van die ballinge werklik gerepatrieër het terwyl baie verkies het om in die gemak en weelde van Babilonië te bly leef. In die eeue van die opvolgende wereldryke tussen die Ou en die Nuwe Testamentiese tye, is Palestina telkens opnuut verower en is baie Jode as gevangenes en slawe weggevoer. So het die Jode mettertyd verstrooid geraak oor die hele destyds beskaafde wereld.

Paulus se ouers was, hoewel rasegte en tradisionele Israeliete, Diaspora-Jode woonagtig in Tarsus, 'n vooraanstaande "universiteits"- en handelstad van die Romeinse provinsie Cilicië in Klein-Asië. Handelinge 21: 39: "Ek is 'n Joodse man van Tarsus, 'n burger van geen onvermaarde stad in Cilicië nie" - vergelyk ook Handelinge 22: 3. (Let wel: Tarsus moet nie verwar word met die plek Tarsis aan die uiterste weste van Spanje, waarheen Jona gevlug het nie! ) Dit beteken dat Paulus naas sy rasegte Israelietskap, en sy streng konserwatief-Joodse opvoeding, ook as produk van 'n tipies Hellenistiese, Griekssprekende stad 'n goeie kenner was van die wereldtaal Grieks en van Romeins-Griekse kultuur en godsdiens.

Paulus noem homself ook "burger van Tarsus". Dit is meer as bloot 'n inwoner van die stad. Tarsus het binne die Romeinse Ryk erkenning geniet as 'n stadstaat, met sekere outonome regte en 'n eie burgerskap vir sy voor

aanstaande inwoners. Dat Paulus dus wel burgerskap van Tarsus had, toon dat sy ouers en hy gesiene en welvarende mense was.

So was hy uitnemend toegerus om sowel die Palestynse Jodendom as die Diaspora-Jode asook die heidennasies met die Evangelie aan te spreek'

## 4. ROMEINSE BURGER

Onthou, Paulus was 'n suiwer, rasegte en tradisievaste Israeliet. Tog word hy telkens " 'n Romein " genoem (Handelinge 16: 38; 22: 26, 29). Dit gaan hier egter NIE om die AFSTAMMING van Paulus nie - hy had geen Romeinse bloed in sy are nie! Dit gaan om BURGERSKAP van die Romeinse Ryk. En hierop het Paulus hom telkens beroep: "Hul!e het ons in die openbaar onveroordeeld geslaan,, ons wat Romeinse burgers is... " (Handelinge 16: 37-39; vergelyk ook Handelinge 22: 25-29).

Romeinse burgerskap moet nie verwar word met ONDERDAAN wees van die Romeinse Ryk nie. Alle mense binne die wye grense van die Imperium was wel Romeinse onderdane, maar by verre nie almal was gereken as BURGERS van die Ryk nie. Burgers van die ryk het

besondere voorregte en beskerming geniet, soos bv.. dat hulle slegs deur Romeinse howe verhoor kon word, en nooit gepynig mag word voor skuldigbevinding nie, en verder, dat hulle in hoogste appél hulle op die keiser self kon beroep as hulle meen dat hulle verontreg is in die hof. Veral belangrik was dit ook dat hulle vryelik sonder iets soos 'n paspoort kon beweeg oor al die lande en provinsies binne die Romeinse Ryk.

Dit alles het vir Paulus weereens ontsaglik baie beteken as apostel van die nasies. Want as burger van die ryk kon

hy in die hele destyds beskaafde wereld ongehinderd rondreis; kon hy teen die haat en vervolginge van die Jode hom telkens op besondere geregtelike behandeling beroep; en kon hy uiteindelik toe die Romeinse Goewerneurs van Judea (Felix en Festus), by wyse van guns aan die Jode, hom geen regverdige verhoor wou gee nie, hom beroep op of appéleer na die keiser self (Handelinge 25: 9-12).

Romeinse burgerskap het alleenlik gebore Romeine (sê maar: Italianers) wat nie slawe was nie, vanselfsprekend besit. Nie-Romeinse onderdane van die Ryk kon dit bekom of deur omkopery, of deur besondere welvaart en aansien of deur besondere diens aan die Romeinse staat. Sulke mense se kinders het dit dan by geboorte geërf. So lees ons in Handelinge 22: 28 dat Paulus "dit deur geboorte" gehad het - wat weer daarop dui dat sy Joodse ouers besonder ryk en gesiene mense moes gewees het!

## 5. SKRIFGELEERDE EN LID VAN DIE JOODSE RAAD ?

Uiteraard gaan dit nou om aspekte van die persoonlike agtergrond van Paulus VOORDAT hy 'n christen geword het.

Ons lees in Handelinge 22: 3: "Ek is 'n Jood, gebore in Tarsus in Cilicië, maar opgevoed in hierdie stad (Jerusalem -J.C C.) aan die voete van Gamaliël". Voor die Jerusalemse skare was dit 'n mondvol! Gamaliël I was die grootste rabbyn of Skrifgeleerde van die eerste eeu in die oë van die Jode. "Skrifgeleerde" was 'n onbetaalde BEROEP in daardie tyd, waarin mens jou lewe gewy het aan die studie van die Skrifte (Ou Testament) en die Rabbynse tradisie of "omheining van die wet" (dus iets soos 'n teoloog in ons tyd).

Om dus "aan die voete van Gamaliël te gesit het" beteken dat jy 'n student was in die "teologiese skool" van die grootste Skrifgeleerde van daardie tyd. Paulus was dus self 'n uitnemend geskoolde Skrifgeleerde, 'n kenner sowel van die Ou Testament as van die hele Joodse tradisie, al hulle uitspinsels op die Woord waarmee hulle die Jode se gewetens gebind het.

Wanneer Paulus dus later as apostel (bv. in Romeine en Galasiërs) oor en teen die Joodse wet skryf, WEET hy waarvan hy praat!

Was Paulus ook voor sy bekering 'n lid van die Sanhedrin of Joodse Raad? Heelwaarskynlik! In Handelinge 26: 4-5 beroep hy hom daarop in hulle teenwoordigheid dat hulle hom persoonlik en sy lewe vroeër in Jerusalem goed ken. En uit Handelinge 7: 58 en 8: 1 blyk dat Paulus eintlik in bevel was van die "teregstelling" van Stéfanus, iets wat slegs die taak en reg was van 'n lid van die Sanhedrin wat die vonnis gevel het!

## 6. FARISEËR

Dat Paulus voor sy bekering tot die party van die Fariseërs behoort het, weet ons uit verskeie plekke in die Nuwe Testament, vergelyk Handelinge 23: 6-9; Handelinge 26: 4-5; Filippense 3: 6. Ook dit was hy, blykens Handelinge 23: 6, al van huis uit. Paulus self getuig, met reg, dat die Fariseërs "die strengste party van ons godsdiens" was.

Die Joodse volk was destyds verdeel in verskeie godsdienstige en/of politieke groeperinge. Die vernaamstes was:

1. Fariseërs/Sadduseërs = godsdienstig-politieke partye

2. Esseners = 'n asketiese godsdienstige sekte.

3. Selote/Herodiane = politieke "partye"

Die Herodiane was die uiters "linkse" politieke groep, aanhangers van die Herodes-vorstehuis wat by grasie van Rome regeer het, en hulle was dus sterk imperialisties, pro-Romeins en pro-hellenisme gesind.

Die Selote weer was die uiters "regse" groep; nasionalisties en militant anti-Romeins gesind; bereid om met wapengeweld op te staan vir die vryheid van Israel.

Tussen hierdie twee groepe het die Sadduseërs en Fariseërs gelê. Die Sadduseërs, wie se lede hoofsaak uit die priester- en Levieteklas gekom het, was polities soos die Herodiane meestal pro-Romeins en veral pro-hellenisties gesind, en godsdienstig die meer vrysinniges. So het hulle die grootste deel van die Ou Testament nie aanvaar nie (slegs die Tora of eerste vyf boeke is aanvaar); die lewe na die dood en dus ook opstanding van die liggaam het hulle geloën; ook die bestaan van engele en die Bybelse leer van uitverkiesing - vergelyk Handelinge 23: 6- 10) .

Daarteenoor was die Fariseërs soos die Selote, maar meer gematigd en nie altyd getrou nie, nasionalisties gesind, voorstanders van Israelitiese vryheid en die groot verkondigers van die Messias as 'n nasionale bevryder.

Godsdienstig gesproke was hulle die groot yweraars vir die Wet - van oorsprong 'n streng vroomheidsbeweging wat daarna gestreef het om die Wet streng te onderhou en die volk te dwing om dit te onderhou soos hulle dit reg geag het. Daarvoor het hulle graag van beroep skrifgeleerdes geword en die sg. "omheining van die wet", die uitbouing van honderde reëls en regulasies "vanuit" die Tora gestimuleer.

Dit van hulle wat Jesus se: "Hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sy dit op die skouers van die mense... " (Mattheüs 23: 4). Geen wonder nie dat Paulus later as apostel uit bittere ervaring kon skryf oor die SLAWERNY van die wetsgeregtigheid; van die bittere slawebestaan van elke mens wat die genade van God verwerp deur sy eie saligheid as Fariseër te wil uitwerk (vergelyk Galasiërs 3: 1-14 en 5: 1-15) '

## 7. VERVOLGER VAN DIE KERK VAN DIE HERE JESUS

As fanatieke Fariseër, yweraar vir die Joodse wet, was hierdie man Paulus voor sy bekering, ook 'n fanatieke hater van Jesus Christus en sy gemeente - mense wat sê dat die "eenvoudige" Man van Nasaret, wat geen Fariseër en geen skrifgeleerde was nie, die Messias van Israel was; mense wat sê dat mens sonder eie verdienste, net uit genade om Jesus wil gered kon word. Sulke "lasteraars" moes uitgeroei word.

En so het hierdie Paulus, na die moord op die eerste Christenmartelaar Stéfanus onder sy toesig (Handelinge 7: 58-8: 1) die groot dryfkrag agter die Joodse vervolging van die Vroegste Kerk geword (Handelinge 8: 1-4; Handelinge 9: 1-2). En dit kon die apostel na sy bekering nooit vergeet nie: dat hy die kerk van sy Koning en Saligmaker vervolg het! As 'n droewige refrein loop dit deur sy hele lewe en al sy briewe - vergelyk o.a. Handelinge 22: 4-5; Handelinge 22: 19-20; Handelinge 26: 9-11; I Korinthiërs 15: 9; Galasiërs 1: 13, 22-24; Filippense 3: 6; I Timotheüs 1: 12-16'

## 8. APOSTEL VAN DIE NASIES EN BYBELSKRYWER

Hierdie man, met sy wyd-geskakeerde agtergrond, sy

bande met, toegang tot en kennis van Palestynse, konserwatiewe Jodendom, Diaspora-Jodendom én die Grieks-Romeinse wereld; sy groot kennis van die Skrifte en rabbynse tradisie; sy donker agtergrond as lasteraar en vervolger van die Here Jesus en sy kerk - HIERDIE MAN roep die Here Jesus op sy tyd (Handelinge 9) tot die ware geloof én tot apostel van die nasies'

Aan Ananias sê die Here: "Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel. Want Ek sal hom toon hoeveel hy vir my Naam moet ly" (Handelinge 9: 15-16). En hy is die man vir wie God, na Hy hom so lank voorberei het daarvoor, geroep het om dertien van die sewe-en-twintig boeke van die Nuwe Testament te skryf

## HOOFSTUK 3 DIE BRIEF VAN DIE VRYHEID IN JESUS CHRISTUS GALASIËRS

Skema:

1. Outentisiteit.

2. Geadresseerdes en datering.

3. Doel van die skrywer.

4. Sentrale tema.

5. Struktuur-analise.

6. Openbaringsbetekenis in die Kanon.

### 1. OUTENSITEIT

Galasiërs 1: 1: "Paulus, 'n apostel nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader. " Die outensiteit van dié geskrif as 'n brief van die apostel Paulus was nooit werklik bevraagteken nie. Selfs die Tübingen Skool het Pauliniese outeurskap erken - en wel as synde saam met Romeine en I en II Korinthiërs die enigste egte briewe van Paulus.

## 2 GEADRESSEERDES EN DATERING

2.1 "Aan die gemeentes van Galasië" (Galasiërs 1:2)

2.2 Waar is Galasië?

Dit lê in die sentrale gebied van Klein-Asië - vgl. 'n kaart van die gebied in die Nuwe Testamentiese tyd.

2.3 Watter deel van Galasië is hier ter sprake?

(Dit raak ook die datering van die brief).

Daar is twee moontlike betekenisse van "Galasië":

i) DIE LANDSTREEK GALASIë

Dit is die noordelike helfte van die sentrale deel van Klein-Asië. In die 3e eeu v. C. is die gebied deur die Galliërs uit die noorde ingeval, wat die noordelike helfte beset het en die vroeëre inwoners na die suide verdryf het.

ii) DIE PROVINSIE GALASIë

In 25 v. C. is Klein-Asië in sy geheel tot Romeinse gebied verklaar, en stig die Romeine o.a. 'n provinsie Galasië wat die landstreek van Galasië insluit asook 'n strook suid daarvan tot naby die suidelike kus van Klein-Asië.

Die vraag is dus wat het Paulus bedoel met "Galasië"? Die landstreek - dus Noord-Galasië? Of die provinsie - dus die hele gebied bekend as Galasië in die Romeinse Imperium? Indien die landstreek Galasië bedoel is (die noordelike helfte van die provinsie) kon die brief ten vroegste eers aan die einde van die tweede sendingreis of op die derde sendingreis geskryf gewees het, aangesien Handelinge 16: 6 toon dat Paulus eers op die tweede sendingreis deur Galasië as landstreek gereis het. Dan moet die brief gedateer word plus-minus 54 n. C.

Indien die provinsie Galasië bedoel is, is die brief waarskynlik gerig aan die gemeentes in die suidelike deel van die provinsie, wat Paulus op sy eerste sendingreis gestig (bv. Derbe, Listre, Ikonium) het. Dan kan die brief gedateer word kort voor die groot Apostelkonvent te Jerusalem wat in 49 n. C gehou is, en waar die vraagstuk van die Judaisme en hulle eis van besnydenis vir die heiden-christene finaal uitgemaak is (vgl. die doel hieronder).

2. 4 Beredenering

Voorkeur verdien (en dié teorie geniet vandag die grootste

aanhang) die beskouing dat die geadresseerdes die gemeentes van die SUIDELIKE DEEL VAN DIE PROVINSIE GALASIË was, wat Paulus op die eerste sendingreis gestig het.

Vernaamste argumente:

i) Paulus volg in sy briewe feitlik altyd die Romeinse

provinsiale indeling. Dus: "Galasië" in 1: 2 dui waarskynlik op die hele provisie.

ii) Handelinge verhaal nêrens van besliste SENDING

arbeid van Paulus in Noord-Galasië nie.

iii) Die besnydenis-vraagstuk is in die brief nog brandend en dit dui sterk op 'n tydstip rondom die Apostelkonvent.

iv) Indien na die Apostelkonvent geskrywe, is dit onverklaarbaar waarom Paulus hom in Galasiërs nie beroep op die uitdruklike uitspraak van die "Konvent" nie.

v) Die besoek van Paulus en Barnabas aan Jerusalem,

genoem in Galasiërs 2, kan beswaarlik met die Apostelkonvent geidentifiseer word aangesien

a) Petrus blykens 2: 11 hom nog hierna aan die

Judaïste se kant skaar, terwyl hy tog op die Apo ste lkonvent baie duid elik standpunt in neem ten gunste van Paulus se standpunt;

b) Galasiërs 2: 1-10 goedskiks met Handelinge

11: 26-30 geïdentifiseer kan word en Galasiërs 2: 11-16 met Handelinge 15: 1-2 - waarop dan juis die Apostelkonvent gevolg het.(Vergelyk veral Gl. 2:10 met Hd. 11:29).

2. 5 Slotsom

Ons konkludeer dus as waarskynlik dat onder "Galasië"

in 1: 2 bedoel is: die provinsie Galasië met konsentrasie op die gemeentes in die Suide; en dat die brief geskryf is na die eerste sendingreis kort voor die Apostelkonvent, in + 49 n. C,

## 3. DOEL VAN DIE SKRYWER

Paulus had 'n baie pertinente aanleiding vir die skryf van die brief. Dit blyk onmiddellik aan die begin van die brief waar Paulus na sy aanhef as't ware met die deur in die huis val: "Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word.....na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie, behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring. . . " (1: 6-7).

Hieruit blyk dat daar in die jong gemeentes van Galasië afvalligheid van die ware geloof gedreig het, wat die gevolg was van die ondermyningswerk van valse leraars wat kort op die hakke van Paulus (vgl. "so gou" in 1: 6) die gemeentes besoek het.

Hoofstuk 3 laat geen twyfel oor die identiteit van die valse leraars nie: hulle was wat ons gewoonlik noem: Judaïste, dit is Joods-Christene wat die christelike geloof weer wou verbind aan die Joodse wetsgeregtigheid.

Dit was 'n beweging in die vroeë stadium van die christelike kerk, waarin sekere christene uit die Jodendom gesê het: Christus se genade alleen is nie genoeg nie - Christus plus die wetsvervulling red. Daarom moet christene uit die heidennasies ook eers deur besnydenis ingelyf word by die Joodse volk voor hulle waarlik gered kan word.

Omdat hierdie mense spoedig na Paulus se stigting van die gemeentes hulle valse leer daar begin versprei het, met 'n klaarblyklike mate van sukses, skryf Paulus dringend hierdie brief.

SY DOEL DUS: Hierdie brief het ten doel om IN ANTITESE MET DIE JUDAïSTIESE dwaalleer die gemeentes van Galasië opnuut die ware Evangelie van Christus voor te hou.

## 4. DIE SENTRALE TEMA

Die doel van die apostel met hierdie brief, soos hierbo beskryf, was grootliks bepalend vir wat die hoofgedagte van die geskrif sou uitmaak.

Teenoor die Judaïste wat die christene van Galasië weer onder die Joodse wet wil betrek - d. w. s. die saligheid afhanklik wil maak van Christus plus getroue wetsonderhouding, besnydenis en inlywing in die Joodse volk-, moes die klem natuurlik val op die Evangelie van verlossing uit genade alleen; die Evangelie van die genoegsaamheid van Jesus Christus se versoening (vgl. 1: 6-7; 2: 15-21; 3:10-14 ens.).

Paulus wil egter NIE NET TEORETIES die Evangelie die genade van Christus teenoor die Judaïstiese wetsgeregtigheid stel nie, maar wil OOK DIE PRAKTIESE EN BESLISSENDE BETEKENIS daarvan vir die lewe van elke christen benadruk: DIE EVANGELIE VAN JESUS ALLEEN MAAK WERKLIK VRYE MENSE. Ware vryheid is alleen te vinde deur die geloof in Jesus; terwyl elkeen wat uit die wet salig wil word, weer 'n slaaf van die wet word (vgl. 2: 4, 3: 21-26; 4: 20-31; 5: 1; 5: 13-14 ens.).

Die hoofelemente van die sentrale gedagtegang van die brief is dus:

i. Nie deur die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus.

ii. Daar is maar één ware Evangelie: die boodskap van

die verlossing uit genade om Christus wil.

iii. Die wet maak slawe, die Evangelie alleen gee waarlik vryheid.

GEFORMULEERDE TEMA

Alleen die geloof in Jesus Christus skenk ware vryheid.

Of kortweg: Galasiërs is die brief van die vryheid in Jesus Christus.

## 5. STRUKTUURANALISE

ALLEEN GELOOF IN JESUS CHRISTUS SKENK WARE VRYHEID.

1. AANHEF - 1: 1-5

Paulus beklemtoon hier dat hy 'n apostel is nie deur menslike aanstelling nie, maar dat hy predik op gesag van Jesus Christus, sy Sender.

2. DAAR IS GEEN KOMPROMIS MOONTLIK TUSSEN DIE EVANGELIE VAN CHRISTUS EN DIE WETTISISME NIE - 1: 6 - 2: 21. Vgl. 1: 6-7; 2: 4-5; 2: 14; 2: 21 (LW.)!

a. Geen ander Evangelie as dié wat Paulus verkondig het nie (1: 6-9)

b. Die Evangelie-dienaar is vry van mense, en net dienskneg van Christus (1: 10-24).

c. Vir die vryheid van die Evangelie het Paulus gestry - selfs teen Petrus toe hy geswig het

voor die Joodse druk (2: 1-14).

(i) Eers het leidende Joods-christene Paulus probeer terugdwing in 'n Judaistiese christendom (1-10);

(ii) Daarna moes ] selfs 'n keer Petrus openlik teëstaan hieroor! (11- 14) .

d. Daar is dus geen kompromis moontlik nie: Dis of Christus of dis die wet - en dan is jy Christus kwyt (2: 15-21).

3. DIE WET KAN NIE RED NIE, DIE GELOOF ALLEEN BRING REDDING - 3: -1-24.

a. Deur die geloof het julle die Gees ontvang, nie deur die wet nie (3: 1-5)

b. Abraham reeds is geregverdig deur die geloof, nie deur die wet nie (3: 6-9)

c. Die wet lei na die vervloeking, want ons kan dit nie hou nie (3: 10- 12)

d. Christus het ons vrygekoop van die vloek van die wet! (3: 13-20)

e. Die nut van die wet: dit was tugmeester na Christus (3: 21-24)

4. MAAR NOU IN CHRISTUS IS ONS VRY VAN DIE WET! 3: 25 - 4: 31.

a. Noudat Christus self gekom het, is die tyd van die tugmeester verby! (3: 25 - 4: 5)

b. Ons is nou kinders van God, en geen slawe meer nie (4: 6-7)

c. Moet dan nie luister na hulle wat julle weer wil verslaaf nie (4: 8-20)

d. Isak, seun van die vrye vrou Sara, voorbeeld

van die vryheid van die kinders van die genade, maar die seun van die slavin Hagar, beeld van die slawerny van die wet (4: 21-31)

5. STAAN DAN VAS IN DIE VRYHEID VAN CHRISTUS! 5:1- 6: 10

a. Ware vryheid vind ons alleen in die geloof in

Christus (5: 1-12)

b. Ware vryheid is egter geen losbandigheid nie

(5: 13-15)

c. Ware vryheid is gebondenheid aan die leiding van die Heilige Gees (5: 16-26)

d. Praktiese uitlewing van ons vryheid in die naasteliefde (6: 1-10)

6. SLOTWEKROEP EN SEËNGROETE - 6: 11-18

-------------

## 6 DIE OPENBARINGSBETEKENIS VAN GALASIËRS IN DIE KANON.

Watter besondere bydrae lewer Galasiërs in God se openbaring?

6.1. Vir die verhouding Galasiërs-Romeine-Jakobus oor die probleem geloof-werke vergelyk by die behandeling van Romeine.

6.2. Galasiërs is geskrywe op 'n tydstip (48 n. C. ) toe die jong Christelike Kerk bedreig is deur 'n terugval in die Joodse wettisisme. Kort hierna, in 49 n. C., is die groot Apostelkonvent in Jerusalem gehou (lees Handelinge 15), waar Paulus sy werk onder die heidennasies gaan verdedig

het teen die Judaistiese aanslag. Die deurslaggewende feit was dat God die Heilige Gees geskenk het aan die christene uit die heidennasies en hulle dus gered het sonder besnydenis of onderwerping aan die Joodse wetgewing. Daar is die saak toe uitgemaak en daarna het die Judaisme in die vroeë Christelike Kerk 'n vinnige dood gesterf (om weer vanaf die 5e eeu te herleef in die Rooms Katolisisme, en in ons tyd ook in vele sektariese beweginge) Galasiërs werp 'n besondere lig op daardie krisistyd in die openbaringsgeskiedenis, en daarom ook deurslaggewende lig vir ons beoordeling van moderne "wettisisme".

6.3. Galasiërs 1 en 2, waar Paulus op heel persoonlike vlak skryf, werp belangrike bykomende lig, naas Handelinge, op die eerste ongeveer 14 jaar van Paulus se apostelwerk na sy bekering op die pad na Damaskus (vgl. die kronologie van Paulus se lewe in Hoofstuk 1).

6.4. Miskien die heel belangrikste openbaringsmoment vir vandag in hierdie brief vind ons in Galasiërs 5, waar die christelike vryheid, wat die hele brief beheers, maar nou ook die praktiese implikasies daarvan, besonderlik aan die orde kom. Met groot klem word verkondig: ware vryheid is geen losbandigheid nie, maar word juis gevind net deur die mens wat hom/haar laat bind deur die LEIDING VAN DIE HEILIGE GEES - vgl. veral 5: 16-26: Immers die Gees maak ons

* vry van die sondewet in ons eie hart, vss. 16-17;

* vry van die bande van ons sinlike luste; en ons moordlustige hart, vss. 18-21;

* vry om weer Gods wil van harte te kan doen, vss. 22-23;

* vry, want teen die vrug van die Gees bestaan daar geen wet nie! - vs. 23,

Ja, die Gees skenk DIE HOOGSTE VRYHEID: SELFBEHEERSING - d. w. s. die vermoë om deur die Gees weer jouself te kan beheers, koning oor jou eie lewe te wees - vs.23.

# HOOFSTUK 4 DIE BRIEWE OOR DIE WEDERKOMS I en II THESSALONICENSE

Skema:

1. Sake rakende beide briewe

1.1 Die gemeente van Thessalonika.

1.2 Tyd en plek van ontstaan van die briewe.

2. I Thessalonicense

2. 1 Outensiteit.

2.2 Doel van die skrywer.

2. 3 Tema en struktuur.

3. II Thessalonicense

3. 1 Outensiteit.

3. 2 Doel van skrywer.

3. 3 Tema en struktuur.

4. Openbaringsbetekenis van I en II Thessalonicense in die Kanon.

## 1. SAKE RAKENDE BEIDE BRIEWE

### 1.1 DIE GEMEENTE VAN THESSALONIKA

1.1.1 Die stad Thessalonika

Thessalonika was die hoofstad van Masedonië, die land ten noorde van Griekeland. Dit was 'n belangrike hawestad, in die tyd van Paulus reeds drie eeue oud. Te meer belangrik was dit as 'n stad geleë op die hoofweg tussen Rome en die Ooste (die sg. Via Egnatia).

1.1.2 Die ontstaan van die gemeente aldaar

Paulus het die gemeente persoonlik gestig op sy tweede sendingreis - (t 50 n.C.). Die eerste prediking aldaar word beskryf in Handelinge 17, waarvolgens Paulus na hoogstens 'n maand of twee uit die stad moes vlug. Dit blyk inderdaad ook uit die twee briewe dat Paulus sy werk aldaar nie kon afhandel nie, en juis daarom hierdie briewe skryf (vgl. I Thessalonicense 3: 4, 10).

## 1.2 TYD EN PLEK VAN ONTSTAAN VAN DIE BRIEWE

Op Galasiërs na, is I en II Thessalonicense die twee oudste briewe van Paulus en dus ook saam met Jakobus en Galasiërs die vier oudste boeke van die Nuwe Testament'

DIE TYD VAN ONTSTAAN van die twee briewe moet gestel word in 50 of 51 n. C.; dus baie kort na Paulus se stigtingsprediking in Thessalonika.

Motivering:

i) In I Thessalonicense 2: 17 lees ons: "Maar nadat

ons, broeders, 'n kort tydjie van julle geskeie was....." Paulus self sê dus dat hy slegs 'n kort tydjie tevore nog in Thessalonika was.

ii) Volgens I Thessalonicense 3: 1-2 het Paulus virTimotheüs teruggestuur na Thessalonika om hulle te versterk en te bemoedig in die geloof, en volgens 3: 6 skryf hy die brief sodra Timotheus weer by hom terugkom met rapport oor die gemeente. Dit stem ooreen met die gegewens van Handelinge 17 waar Paulus na sy haastige vertrek 'n kort rukke in Berea vertoef en dan ook daarvan moet vlug na Athene. Hy

gaan alleen en laat Timotheüs en Silas agter met die opdrag om so gou moontlik na hom te kom waar hy in Athene vir hulle wag (vgl. plek van skrywe hieronder).

iii) Paulus skryf I Thessalonicense terwyl hy nie kan wag om sy werk onder die Thessalonicense af te rond wat kort geknip is deur sy gedwonge vertrek nie: "om te voltooi wat aan julle geloof ontbreek" (I Thessalonicense 3: 9-10).

iv) Die ooreenkoms en aansluiting van II Thessalonicense by I Thessalonicense is so groot dat by diegene wat die egtheid (outentisiteit) van II Thessalonicense aanvaar vry-algemeen eenstemmigheid is dat die twee briewe baie kort na mekaar geskryf is (vgl. o.a. I Thessalonicense 1:1 en II Thessalonicense 1: 1-2; I Thessalonicense 2: 9 en II

Thessalonicense 3: 8; I Thessalonicense 3: 4 en II Thessalonicense 3: 10; I Thessalonicense 5: 12 en II Thessalonicense 2: 1; I Thessalonicense 2: 1 en II Thessalonicense 3: 7.)

DIE PLEK VAN SKRYWE moet in die lig van die datering en volgens Handelinge 18: 1 en 5 gestel word as Korinthe, waar Timotheus en Silas weer by Paulus, na sy vertrek uit Athene, aangesluit het.

## 2. I THESSALONICENSE

### 2.1 OUTENTISITEIT

Die egtheid van die brief as geskrif van Paulus is slegs deur die mees radikale kritici van die 19e eeu (Tübingen Skool van Duitsland en die Hollandse Radikale Skool) bevraagteken.

### 2.2 DOEL VAN DIE SKRYWER

Waar Paulus weens die Joodse vyandskap veel vroeër uit

Thessalonika moes padgee as wat sy plan was en dus sy prediking aldaar nie na sy bevrediging kon voltooi nie, het hy Timotheüs teruggestuur om te verneem hoe dit daar gaan met die gemeente (I Thessalonicense 3: 5) en om hulle verder te bemoedig in die geloof te midde van die Joodse vervolging (I Thessalonicense 3: 4-5). Nadat hy van Timotheüs verneem het hoe dit daar gaan, skryf hy hierdie brief, duidelik met tweërlei doel:

i) Om sy dankbaarheid teenoor God aan hulle voor te

hou, dat God hulle so laat vasstaan in die geloof; en om hulle daarin te bemoedig (1: 9, 3: 6).

ii) "Om te voltooi wat aan julle geloof ontbreek" (3: 10),

deur 'n brief, terwyl hy nog nie persoonlik na Thessalonika kan terugkeer nie. Daarom gaan Paulus in die tweede deel van die brief dieper in op sekere geloofsprobleme: dit gaan veral om probleme rakende die toekomsverwagting van die Christelike Kerk

## 2.3 TEMA EN STRUKTUUR

2. 3.1 Tema van die brief

Die brief dra dus FORMEEL 'n duidelike TWEELEDIGE KARAKTER volgens die doel van Paulus:

a) Die eerste drie hoofstukke word beheers deur vreugde

en danksegging oor die geloofsywer en geloofstrou van die jong gemeente van Thessalonika. KERNVERSE is 1: 2-3: "Ons dank God oor die werk van julle GELOOF en die arbeid van julle LIEFDE en die Iydsaamheid van julle HOOP... "

b) Die tweede deel, hoofstukke 4-5, is meer leerstellig

van aard en handel na 'n kort woord oor sedelike heiligheid, hoofsaaklik oor die wederkoms van Christus.

MATERIEËL word die HELE BRIEF egter beheers deur een enkele motief wat as refrein dwarsdeur die brief loop, naamlik, die salige, troosryke en inspirerende HOOP OP DIE WEDERKOMS van Jesus, as Here (Koning) en Regter. Die struktuuranalise hieronder sal aan die lig bring hoedat elke perikoop in die brief uitloop op en 'n klimaks vind in die hoop op die belofte van die wederkoms (1: 10; 2: 16; 3: 6; 3: 13; hele 4: 9-5: 12; 5: 23).

Let ook daarop hoe die bekende "geloof, hoop en liefde"motiewe van Paulus, in 1: 3 die brief inlui, maar nou ir. die opvallende gewysigde volgorde: "geloof, liefde, HOOP - waardeur die Christelike hoop (d. i. leef in die vertroue op Jesus se belofte dat Hy weer kom) hier as die belangrikste saak aangewys word

So wil Paulus hierdie baie jong en vervolgde gemeentetjie troos en bemoedig en verder onderrig deur hulle oë te vestig op JESUS WAT KOM!

GEFORMULEERDE TEMA:

Die wederkoms van onse Here - en die heerlike troos van die hoop daarop.

2.3.2 STRUKTUURANALISE

DIE WEDERKOMS VAN ONS HERE - DIE HEERLIKE TROOS VAN DIE HOOP DAAROP

1. AANHEF: 1:1

2. DANKSEGGINGE OOR GELOOF VAN DIE JONG GEMEENTE EN BEMOEDIGING DEUR PERSPEKTIEF OP DIE WEDERKOMS 1: 2 - 3: 13.

a. God het die evangelie kragtig laat wortel skiet in

Thessalonika - tot julle redding wanneer Jesus kom om gerig te oefen! (1: 2- 10). Vgl. klem op hoop op die wederkoms in 1: 3 en 10.

b. Paulus se kort bediening was geseënd nieteen

staande die vervolgers - wat in die eindoordeel hul straf sal ontvang (2: 1-16). Vgl. klem op eindgerig in 2: 16.

Paulus se innige begeerte om weer te kom by hulle en "te voltooi wat aan julle geloof ontbreek" - maar God self sal hulle heilig vir die dag van die wederkoms (2: 17 - 3: 13). Vgl. weer klem op wederkoms in 2: 19 en 3: 13.

3. "OM TE VOLTOOI WAT AAN JULLE GELOOF ONTBREEK" RAKENDE SEDELIKE HEILIGMAKING4: 1-8.

Ook dit kom in die perspektief van die wederkoms: "die Here is 'n Wreker oor al dié dinge" (4: 6)

4. "OM TE VOLTOOI WAT AAN JULLE GELOOF ONTBREEK", SPESIFIEK RAKENDE DIE WEDERKOMS- 4: 9 - 5: 24.

a. Christene moet werk totdat Jesus kom (4: 9-12 vgl breedvoeriger behandeling hiervan in II Thessalonicense 3: 6-15).

b. Die opstanding van die dode as Jesus kom (4: 13-18).

c. Wees gereed - Hy kom soos 'n dief in die nag (5: 1- 11) .

d Die praktiese geloofslewe van hulle wat die wederkoms verwag (5: 12-24).

5. SLOT- 5: 25-28.

## 3. II THESSALONICENSE

## 3.1 OUTENSITEIT

Sedert die begin van die 19e eeu het kritiese teoloë op redelik wye front die egtheid van II Thessalonicense as brief van Paulus verwerp. Die vernaamste argumente van kritiese kant is die volgende:

i) Daar word op heel verskillende wyse gespreek oor die wederkoms van Christus. In I Thessalonicense sou Paulus 'n feitl ik on middellike wederko ms verwag (4:15), terwyl II Thessalonicense praat van 'n moontlike lang tyd voor die wederkoms en van die Antichris wat eers moet kom. (2: 1-17). II Thessalonicense sou dan in 'n veel later, na-apostoliese tyd, geskryf wees deur iemand wat die naam van Paulus gebruik, om gesag te verleen aan sy verduideliking van die uitbly van die wederkoms.

ii) Die taal en styl sou op verskeie plekke opvallend verskil van die tipiese Pauliniese.

iii) Ander kritici daarenteen kom juis met die argument dat die twee briewe te veel ooreenstem na inhoud en woordgebruik. Waarom, vra hulle, sou Paulus so kort na mekaar twee briewe met feitlik dieselfde tema geskryf het?

TEEN-ARGUMENTE:

i) Juis die mekaar-weersprekende argumente van die kritici toon die swakheid van hulle argumente.

ii) UITWENDIGE GETUIENIS:

Die uitwendige getuienis (d. w. s. die skriftelike tradisie van die Vroeë Kerk) ten gunste van die kanonisiteit en egtheid van II Thessalonicense is besonder sterk. Selfs die ketter, Marcion, (plus-minus 140) wat soveel boeke van die Nuwe Testament verwerp

het, erken die egtheid van II Thessalonicense. Ook kom dit reeds voor in die Canon Muratori (plus-minus 200), terwyl van die oudste kerkvaders soos Ignatius, Justinus en Polycarpus dit reeds ken

iii) INWENDIGE GETUIENIS: Hier gaan dit nou om die getuienis van die BOEK SELF oor sy egtheid.

a) Die sg. verskil oor die wederkoms is wel te verklaar: Paulus maak in I Thessalonicense hoegenaamd nie aanspraak daarop dat hy sou weet dat die wederkoms in sy lewe sal plaasvind nie. In Hoofstuk 5 beroep hy hom juis op Jesus se woorde in Mattheüs 24

dat niemand die uur van die wederkoms ken nie. As II Thessalonicense die moontlikheid van 'n lang wag op die wederkoms ooplaat, is dit dus beslis nie in stryd met I Thessalonicense nie.

b) Die twee briewe handel inderdaad oor verskillende aspekte van die wederkoms: I Thessalonicense 4 en 5 behandel veral die vrae oor die pos is ie van die ontslapen es by d ie wederkoms en die waaksaamheid totdat Hy kom omdat die uur onbekend is, terwyl n Thessalonicense 2: 1-17 ingaan op valse beskouing dat die wederkoms definitief alreeds daar is en die christene niks anders meer hoef te doen as om rustig en dan nog in rus en vrede ook! - te sit en wag op die aanbreek van die Dag nie.

c) Die noue aansluiting in woordkeuse tussen die twee briewe (vgl. Klijn 133-134), bevestig grootliks die Pauliniese outeurskap van II Thessalonicense. SLOTSOM: Die outentisiteit van II Thessalonicense moet dus gehandhaaf word op grond van uitwendige sowel as inwendige getuienis.

## 3.2 DIE DOEL VAN DIE SKRYWER

Die doel van hierdie brief, wat weer feitlik uitsluitlik oor die wederkoms van Christus handel, vind ons uitgedruk in 2: 1-2: "Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms . . om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie - deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees - asof die dag van Christus at daar is".

Daar het dus in die gemeente verwarring of dwalinge ontstaan - moontlik deur valse leraars bewerk - dat die wederkoms van Jesus so op hande is dat daar nie meer tyd is vir enigiets anders as om na die hemel te staan en tuur nie. Om God se openbaringslig te laat val op hierdie verkeerde wederkomsverwagting skryf Paulus nou 'n tweede brief aan die Thessalonicense.

## 3.3. TEMA EN STRUKTUUR

### 3.3.1 Tema van die brief

Ewe sterk as in die eerste brief beheers die vraagstuk van die wederkoms hierdie brief: die WEDERKOMS STAAN SENTRAAL IN ALDRIE HOOFSTUKKE, DIE KLEM VAL HIER OP:

a) Volharding (onder vervolging) in die hoop dat JESUS KOM:

b) die afwysing van 'n verkeerde verwagting van die wederkoms;

c) die waarskuwing voor die groot afval onder die

Antichris voor die wederkoms.

GEFORMULEERDE TEMA: Die Wederkoms - eers na verdrukking en groot afval onder die Antichris.

3.3.2. STRUKTUURANALISE

DIE WEDERKOMS - EERS NA VERDRUKKING EN GROOT AFVAL ONDER DIE ANTICHRIS

1. AANHEF - 1:1

2. BEMOEDIGING OM ONDER VERVOLGING TE VOLHARD IN DIE HOOP OP DIE WEDERKOMS EN CHRISTUS SE REGVERDIGE OORDEEL - 1: 2-12.

Vgl. 1: 5, 7-10 vir perspektief op die wederkoms (a) Dank van Paulus in gebede omdat hulle volhard in geloof en liefde (-) Bemoediging om te volhard - die oog op die wederkoms - 1: 5-10 (c) Gebed dat God hulle krag sal gee - 1: 11-12

3. AFWYSING VAN DWALINGE OOR DIE WEDERKOMS ASOF DIT AL DAAR IS - 2: 1-3: 15.

a. Eers die groot afval en die verskyning van die Antichris (2: 1-5).

b. Die gruwelike, Godslasterlike werk van die Antichris (2: 6-12)

c. Aanmoediging om te volhard in die tyd van die groot afval (2: 13- 3:5).

d. Bevel om te werk en ons roeping te vervul, en nie ledig op die Here se koms te sit en wag nie (3: 6-15).

4. SLOT- 3: 16-18

## 4. DIE OPENBARINGSBETEKENIS VAN I en II THESSALONICENSE IN DIE KANON

4.1 I en II Thessalonicense vorm 'n eenheid van onmisbare

goddelike openbaring oor die wederkoms van onse Here 'n eenheid wat saam met die Profetiese Rede van die Here Jesus (Mattheüs 24-25 par), II Petrus 3 en Openbaring die vernaamste profetiese gedeeltes van die Nuwe Testamentiese openbaring uitmaak.

4.2. I Thessalonicense 4 bied die heerlike goddelike troos dat die liggame van die ontslape gelowiges by die wederkom~ eerste sal opstaan en dat hulle saam met die gelowiges wat dan nog sal lewe, die Here sal aanskou as Hy kom. (Vgl. hieroor veral ook I Korinthiërs 15, die ander locus classicus oor die opstanding van die liggaam).

4 3. II Thessalonicense 2 bied saam met Matteüs 24-25, Openbaring 13 en I Johannes 2 aan ons die openbaring aangaande di Antichris. Voor Christus se koms sal daar die tyd van die grootste afval van die kerk, ontkerstening, goddeloosheid en v volging van die gelowiges intree. Of die Antichris gesien moet word as 'n enkele persoon of as 'n antichristelike wêreldmag of 'n wereldgees is vir ons nie duidelik uit hierdie Skrifplaatse nie - miskien moet mens dit nie alen as of-of nie, maar as én 'n wêreldgees, én 'n wêreldmag wat eindelik kulmineer in een goddelose antichrisleier.

4 4 II Thessalonicense 3 hou aan ons voor die pragtige gebalanseerde lewe van die ware gelowige: die balans tussen hemelse verwagting en aardse roepingsvervulling Die ware christen se oë bly steeds na Bo gerig in verwagting van sy Here wat kom, en terselfdertyd bly sy hande aan die ploeg om sy Godgegewe roeping op aarde te vervul vgl veral 3: 10-12! (Die uitdrukking "onordelik wandel" in die Afrikaanse Bybel beteken eintlik: "Om 'n lui lewe te voer". Paulus het dit hier teen die christene wat sê: Ag, die Here se koms is tog so naby, dat ons nie nog tyd gaan mors deur te werk nie).

4. 5 Opvallend in hierdie briewe oor die wederkoms, is

die voorkoms van 'n baie kragtige opwekking tot 'n ordentlike seksuele lewe voor (I Thessalonicense 4: 3-5) en tydens (I Thessalonicense 4: 6) die huwelik. Ons seksuele lewe en die aard daarvan is dus alles behalwe irrelevant vir ons geloofslewe. Inteendeel, dit kan en moet in een asem genoem word met die wederkoms en met die ewige lewe! Dis ook interessant om in gedagte te hou dat Paulus hierdie ernstige waarskuwing teen seksuele verwording geskryf het juis in Korinthe (vgl. punt 1. 2 hierbo), daardie "seksmal" stad van die outyd (vgl. punt 1 van die volgende hoofstuk).

## HOOFSTUK 5 BRIEWE AAN 'N PROBLEEMGEMEENTE I en II KORINTHIËRS

Skema:

1. Sake rakende beide briewe

1.1 Die stad Korinthe en die ontstaan van die gemeente aldaar.

1.2 Die tyd en plek van ontstaan (insluitende die hele saak van kronologie rakende Paulus se worsteling met die gemeente).

2. I Korinthiërs

2.1 Die aanleiding tot die brief.

2.2 Die opset en eie-aard.

2.3 'n Sentrale tema ?

2.4 'n Struktuur-analise.

2.5 Die openbaringsbetekenis in die Kanon.

3. II Korinthiërs

3.1 Die aanleiding tot die brief.

3.2 Die eie-aard van die brief.

3.3 'n Sentrale tema ?

3.4 'n Inhoudsoorsig.

3.5 Die openbaringsbetekenis in die Kanon.

## 1. SAKE RAKENDE BEIDE BRIEWE

### 1.1 DIE STAD KORINTHE EN DIE ONTSTAAN VAN DIE GEMEENTE ALDAAR

Die stad Korinthe 18 aan die smal landengte wat die Peloponesiese Skiereiland verbind aan die Griekse vasteland en wat die Egeïese see en Ioniese see skei. Dit is dus 'n

hawestad met twee hawens naby, na die Ooste en na die Weste, en was assodanig 'n uiters strategiese stad, erg kosmopolitaans en hoogsberug vir sy lae sedes. Die diens van die vrugbaarheids godin Aphrodite, met haar duisende prostituut-priesteresse was hier lewendig in swang. Die sedelose lewe van die Korinthiërs vind waarskynlik klassieke uitdrukking in Romeine 1: 24-27 en I Thessalonicense 4: 1-8, beide briewe wat geskrywe is vanuit Korinthe.

Geen wonder dan dat Paulus juis in hierdie stad sy probleemgemeente by uitstek gehad het nie!

Handelinge 18 beskryf die stigting van die gemeente aldaar: Dit geskied tydens Paulus se tweede sendingreis, toe hy vanaf Troas Europa binnedring via Masedonië, oor Athene tot in Korinthe. Daar het hy die Joods-christen egpaar wat uit Rome gevlug het, Aquila en Priscilla, gevind en mede deur hulle hulp 'n lewenskragtige gemeente daar gestig.

## 1.2 DIE TYD EN PLEK VAN ONTSTAAN VAN DIE BRIEWE

Dit blyk uit die inhoud van die twee briewe dat Paulus 'n lang en moeisame worstelstryd met hierdie "probleemgemeente" van hom gevoer het, waarbinne hierdie briewe twee kardinale momente vorm. Vir die regte interpretasie en waardering van die Korinthiërbriewe is dit wel belangrik om 'n duidelike beeld te probeer kry van die waarskynlike kronologie van Paulus se kontak met Korinthe.

'N SKEMATIESE BEELD:

i) Stigting-- Tweede Sendingreis, plus-minus 50-51,(Hd 18)

ii) Die "vorige brief" (I Korinthiërs 5: 9) oor die gelowiges en hoerery - verlore. Datum: onbekend.

Veroorsaak misverstand en spanning.

iii) Die huisgenote van Chloë rapporteer vele misverstande in die gemeente (I Korinthiërs 1: 11).

iv) 'n Afvaardiging (waarskynlik Stefanas, Fortunatus

en Achaïcus - I Korinthiërs 16: 17) bring 'n brief (I Korinthiërs 7:1) met sekere probleemvrae vanaf die gemeente self.

v) I Korinthiërs - uit Efese op die Derde Sendingreis, plus minus 54- 55.

vi) Paulus se tweede besoek, die sg. "smartvolle besoek" aan Korinthe (II Korinthiërs 2: 1; 12: 14 en 13: 1-2). Datum: onbekend.

vii) Sy "tranebrief" (II Korinthiërs 2: 4) - verlore. Datum: onbekend.

viii) II KORINTHIËRS - 'n dankbare reaksie op die berig dat die Korinthiërs die "tranebrief" met geseënde resultate ontvang het. Uit Masedonië, Derde Sendingreis, plus-minus 55-56.

ix) Paulus se laaste besoek aan Korinthe op die Derde Sendingreis net voor sy terugkeer na Jerusalem (Handelinge 20: 1-2),

# 2. I KORINTHIËRS

## 2.1 DIE AANLEIDING TOT DIE BRIEF

Die tweërlei aanleiding tot die skrywe van hierdie brief is geleë

i) in die ontstellende nuus wat die "huisgenote van Chloë"

aan Paulus gebring het van verspillende misstande in die gemeente - waaroor Paulus per brief hulle wil vermaan en roep tot bekering (1: 11);

ii) in die skrywe van die gemeente self waarin hulle

klaarblyklik sekere praktiese probleme van gemeente van Christus wees in hierdie wereld, aan Paulus ter beantwoording voorgelê het (7: 1).

## 2 2 DIE OPSET EN EIE-AARD VAN DIE BRIEF

Ons het hier DIE MEES PRAKTIESE BRIEF van al Paulus se geskrifte. Die inhoud en opset word bepaal deur die bogenoemde aanleidinge tot die skrywe van die brief: 'n verskeidenheid van probleme oor die praktyk van christen-wees en kerk-wees in 'n bandelose stad soos Korinthe moet aan die orde kom. Gevolglik is daar 'n gedurige wisseling van onderwerp van bespreking en is die brief HEEL LOS GESTRUKTUREER.

Dit beteken egter nie dat die brief 'n ordelose mengeling van sake is nie. Paulus behandel die vraagstukke ordelik volgens die wyse waarop hulle by hom "op tafel" gekom het: Hoofstukke 1-6 raak die sake waaroor Chloë se huisgenote gerapporteer het; Hoofstukke 7-16 betref die sake wat klaarblyklik in die Korinthiërs se brief gevra is (vgl. o. a. die herhaling van "met betrekking tot.... " en "wat betref ... " in 7: 1; 8: 1; 12: 1; 16: 1).

## 2. 3 'N SENTRALE TEMA ?

Kan daar in 'n brief waarin so 'n verskeidenheid van praktiese sake aan die orde kom, enigsins sprake wees van 'n sentrale tema?

Beswaarlik - as daar alleenlik gelet word op die PROBLEME waarop Paulus een na die ander ingaan!

Die brief vind egter sy eenheid en deurlopende refrein in die antwoorde van Paulus op alle probleme' Wat naamlik ookal die sonde of probleem is, Paulus antwoord steeds

vanuit een en dieselfde beheersende waarheid: JESUS CHRISTUS REGEER SY KERK' Vanuit hierdie één beginsel alleen gee Paulus praktiese adviese en vermaning.

So kan dan tog as 'n SENTRALE TEMA van die brief gestel word: Die Christusregering in die praktiese gemeentelike lewe.

## 2.4 STRUKTUUR-ANALISE

DIE CHRISTUSREGERING IN DIE PRAKTIESE GEMEENTELIKE LEWE

1. INLEIDING:

Julle is geroep tot die gemeenskap met Jesus Christus, onse Here. (L. W. Jesus Christus, as Here, d.i. as Koning, beheers al nege inleidende verse) - 1: 1-9 .

2. PROBLEME VOLGENS CHLOë SE HUISGENOTE - 1: 10- 6: 20.

Probleem 1: GROEPVORMINGE in die aanhang van menslike leiers (1: 10 - 4: 21).

Antwoord: Die gemeente behoort nie aan mense nie, maar alleen aan Jesus Christus, die Gekruisigde (1: 13; 2: 1-2; 3: 11; 3: 21-23; 3: 5-8).

Probleem 2: HOERERY binne die gemeente (5: 1-13).

Antwoord: Tugtig in die Naam van die Here Jesus Christus (vgl. 5:4-5).

Probleem 3: DAGVAARDIGING van medegelowiges voor die howe (6: 1-11).

Antwoord: Julle sal met Christus die wereld oordeel - hoe kan julle dan dat die wêreldse hof tussen julle oordeel? (vgl. 6: 1-2, 11).

Probleem 4: Nogeens die HOERERY (6: 12-20),

Antwoord: Ons is lede van Christus en ons liggame daarom tempels van die Heilige Gees! (6: 17, 19-20).

3. ETIESE VRAAGSTUKKE GENOEM IN DIE BRIEF VANAF

KORINTHE - hff.. 7- 10.

Vraag 1: Rondom die HUWELIK (7: 1-40).

Antwoord: "Elkeen moet wandel soos God hom dit toebedeel het, soos die Here (Jesus Christus) elkeen geroep het (7: 17; vgl. ook verse 22-23, 25, 35, 39).

Vraag 2: Mag Christene VLEIS EET wat aan afgode geoffer is? (8: 1-13).

Antwoord: Vir wie eet in die besef: "daar is vir ons maar een God. . . en een Here, Jesus Christus, deur wie alles is..."(8: 6), is dit nie sonde nie - maar konsidereer die swak broeder "vir wie Christus gesterf het... " (8: 11).

Vraag 3: Mag die apostel VERGOEDING ontvang uit sy ampswerk? (9: 1-27).

Antwoord: Die Here self het tog bepaal dat Evangeliedienaars moet lewe van die Evangelie! (9: 14).

Vraag 4: HOE moet die Christene van Korinthe STAAN TEENOOR DIE AKTIEWE AFGODEDIENS in die stad? (10: 1-33).

Antwoord: Julle mag nie en kan nie die Here én die afgode dien nie -anders wek julle die toorn op van die Here van die Kerk' (10: 21-22).

PROBLEME, GENOEM IN DIESELFDE BRIEF, OOR DIE GOEIE ORDE EN LEER IN DIE GEMEENTE -11: 1- 16: 4.

Probleem 1: Wat is die ordelike PLEK VAN DIE VROU in die kerk? (11: 1-16).

Antwoord: Soos Christus die hoof is van die man, so is die man die hoof van die vrou. Maar dan so dat: "in die Here is die man nie sonder die vrou nie, en die vrou ook nie sonder die man nie ". (11: 3, 11) .

Probleem 2: Onordelikhede by die NAGMAAL (11: 17-34).

Antwoord: Onthou, dit moet steeds bly: die HERE se nagmaal! (11: 20).

Probleem 3: In die gemeente is daar hovaardige wedywering en naywer oor wie die meeste en belangrikste GEESTESGAWES het. (12:1-14: 40).

Antwoord: i) Die TOETS van ware Geestesbesit: die belydenis dat Jesus Christus Here is (12: 3).

ii) Die DOEL van Geestesgawes: die opbou van die liggaam van Christus (12: 7-30 en 14: 1-40).

iii) Die hoogste saak wat bedoel is vir almal: die liefde van Christus' (hf. 13).

Probleem 4: Hoe moet die OPSTANDING VAN DIE LIGGAAM verstaan word? (15: 1-58).

Antwoord: Die liggaamlike opstanding van Jesus Christus self is die kern van ons geloof! Daardeur is ook die opstanding van ons "geestelike liggaam " gewaarborg (15: 14, 20, 44).

Probleem 5: Hoe moet die INSAMELING VIR DIE ARM GEMEENTES van Judea geskied? (16: 1-4).

Antwoord: Op die dag van die Here, want dit is die dag vir blye dankoffers (16: 2).

5. SLOT: PRAKTIESE SENDINGPLANNE EN SLOTGROET - 16: 5-24 (vgl. veral vs. 22).

## 2.5 OPENBARINGSPLEK VAN DIE BOEK IN DIE KANON

I Korinthiërs het sy eie besondere plek in die Openbaring van God aan die mens, waardeur ook hierdie boek onmisbaar is in die Kanon. Veral drie sake is hier van besondere belang:

2. 5.1 Die brief as boek van die praktiese gemeentelike lewe, verkondig baie duidelik dat God en sy Woord aan ons nie net iets te sê het oor wat ons geneig sou wees om te noem die "groot dinge" van die lewe, maar dat God ons ook iets wil sê oor die sg. 'klein dingetjies". Ook die alledaagse lewe van die gemeente en die individuele gelowiges is deel van ons godsdiens, en ook daarin eis God gehoorsaamheid en dat ons in alles sy eer sal soek, ook bv. in hoe ons optree teenoor mekaar; of ons omgee wat medegelowiges van ons optrede dink; hoe ons aantrek, ens. Die Christusregering strek oor die ganse lewensterrein van die gemeente en van die individu.

2.5.2 Die belangrikste en hoogste werking van die Heilige Gees is nie om mense gesond te kan maak (sg. geloofgenesing) of om in vreemde tale te praat nie,, maar: die liefde! En dan gaan dit om die liefde tot God en tot die naaste. I Korinthiërs 13 behoort seker tot die skoonste dele van die ganse Skrif. Wat moet dan ons standpunt ten opsigte van die spreek in tale vandag wees? Dit wat die Bybel ons beveel: I Korinthiërs 14:39. Naas die liefde as die gawe wat die Gees in alle Christene wil werk, is die gawe van profesie die belangrikste (14:1). 2. 5.3 I Korinthiërs 15 gee ons 'n onmisbare insig in die saak van die opstanding van die liggaam van die ontslape gelowiges by die wederkoms van Christus. Dit verkondig aan ons die geloof in die opstanding van die liggaam as onmisbare deel van 'n ware geloof. Vgl. I Korinthiërs 15: 16-19. Oor die geheimenisvolle saak van HOE die liggaam weer sal opstaan - die moontlikheid daarvan en die besondere aard van die opstandingsliggaam - is I Korinthiërs 15: 35-58 die locus classicus!

# 3. II KORINTHIëRS

## 3.1 DIE AANLEIDING TOT DIE BRIEF

Die apostel Paulus het goeie sowel as slegte tyding ontvang uit Korinthe, en beide dwing hom tot die skrywe van 'n vierde brief (II Korinthiërs) aan die gemeente.

i) II Korinthiërs is eerstens 'n dankbare reaksie op 'n berig dat die gemeente sy "tranebrief" met geseënde resultate ontvang het (II Korinthiërs 2: 1-14).

ii) Paulus het egter ook verneem van die geweldige ondermynende aktiwiteit van Judaïstiese valse apostels wat vir eie gewin die gemeente wil afrokkel van die prediking van die apostel Paulus. Hulle metode was primêr om die persoon van Paulus en die egtheid van sy apostelskap in diskrediet en onder verdenking te probeer bring (vgl. o.a. 2: 17-3:4, 10: 111: 33). Hierteen is II Korinthiërs vir 'n groot deel 'n VERDEDIGINGSGESKRIF.

## 3.2 DIE EIE-AARD VAN DIE BRIEF

Waar I Korinthiërs die mees praktiese brief van Paulus is, daar is II Korinthiërs sekerlik DIE MEES PERSOONLIKE BRIEF van die apostel. Dit vloei logies voort uit die aanleiding tot die skrywe: sy persoon en apostoliese gesag is onder verdenking, en daarom skryf Paulus op sterk persoonlike wyse oor sy eie apostoliese roeping en gesag.

Daarby is dit duidelik dat Paulus met reg hoogs ontsteld is omdat gemeentelede hulle blykbaar laat imponeer het deur die valse apostels. Sy ontsteltenis vind neerslag in die opset van die brief wat weinig blyke gee van strukturele beplanning en dikwels abrupt en veranderlik aandoen, sodat die brief hier en daar selfs moeilik volgbaar word.

### 3.3 'N SENTRALE TEMA ?

Vanweë die besondere eie-aard van die brief, vind ons daarin nie 'n sterk deurlopende gedagtelyn nie. Daar kan dus kwalik sprake wees van een sentrale tema.

Die belangrikste motief is sekerlik:

DIE VERDEDIGING VAN DIE APOSTOLIESE GESAG

### 3.4 'N INHOUDSOORSIG

(Omdat die brief nie blyke gee van sterk strukturering nie, gee ons slegs 'n breë inhoudsoorsig).

1. AANHEF- 1: 1-2

2. Die vertroosting van God in Christus onder beproewinge- 1: 3-11.

3. Die doel en betekenis van die dienswerk van Paulus as apostel - 1: 12 - 6: 10.

4. Oproep tot geestelike apartheid teenoor die ongelowiges- 6:11- 7:1.

5. Persoonlike vermaninge en dankbetuigings oor ie stand van sake in die gemeente - 7: 2-16.

6. Oproep in verband met die liefdegawes wat Paulus vir die vervolgde gemeentes van Judea insamel- 8: 1- 9:15.

7. Verdediging van sy apostoliese gesag teen die beskuldigings van die valse apostels - 10: 1- 13:10.

8. Afsluiting- 13:11-14.

### 3.5 DIE OPENBARINGSBETEKENIS IN DIE KANON

3. 5.1 II Korinthiërs is van besondere belang as openbaring oor die gesag wat Christus aan die apostels as die grondleggers (die fondament) van sy kerk gegee het. Dit is weer van onmisbare belang vir die regte insig in die gesag van die Skrif as die Goddelike kanon. Van besondere belang hier is 2: 14 - 3: 6; 4: 1-7; veraf 5: 11-20.

3.5.2 Buitengewoon mooi en ryk is hoofstuk 1 oor die diepe troos waarmee die Christen wat, terwyl hy (Paulus) dit self "bo sy krag uitermate swaar het", sy medegelowiges in hulle verdrukking kan vertroos. Die kern van die troos lê in die opstanding van Jesus Christus, waaraan elke gelowige ook mag deel (1: 9-10)!

3 5.3 Hff 8-9 openbaar aan ons die groot belang en onmisbaarheid van die onderlinge liefde en hulpbetoon tussen gelowiges en tussen gemeentes, selfs uit verafgeleë wêrelddele: Christenwees beteken OM MEKAAR LIEF TE HE, nie net met woorde en sentiment nie, maar OOK MET DIE DAAD, MET ONDERLINGE HULPBETOON en vrygewige liefdegawes. Lees veral 8: 1-5; 8: 7-9'; 9: 6-7; 9: 12-15 en vergelyk ook I Korinthiërs 16: 1-4.

3 5.4 Hierdie emosioneel-persoonlike brief toon pragtig hoedat God sy openbaring gee deur menslike werktuie op so 'n "organiese" wyse dat hulle eie persoonlikhede en emosies daarin steeds meespreek.

## HOOFSTUK 6 DIE BRIEF VAN DIE NUWE LEWE VAN DIE ONSKULDIGVERKLAARDES - ROMEINE

Skema:

1. Outensiteit.

2. Die geadresseerdes.

2.1 Paulus se verband met die gemeente in Rome.

2.2 Die ontstaan van die gemeente.

2.3 Die samestelling van die gemeente.

3. Tyd en plek van ontstaan van die brief.

4. Integriteit (Eenheid).

5. Doel van die skrywer.

6. Tema.

7. Strukturele opset en 'n struktuur-analise.

7.1 Eie-aard van die geskrif.

7.2 'n Struktuuranalise.

8. Openbaringsbetekenis in die Kanon.

## 1. OUTENSITEIT

Oor die egtheid van die aanhef van die brief (Romeine 1: 1-7) was daar nooit in die kanongeskiedenis enige twyfel nie. Van die vroegste tye af is Romeine as outentiek, d. w. s. as egte brief van die apostel Paulus erken.

Selfs die radikaal-kritiese Tübingen Skool van die vorige eeu wat slegs vier egte Pauliniese briewe erken het, het die egtheid van Romeine erken. Slegs die Hollands-Radikale Skool van die 19e eeu het Romeine, soos tewens alle briewe van Paulus, se outensiteit geloën.

## 2. DIE GEADRESSEERDES

In sy aanhef, Romeine 1: 7, dui Paulus volgens sy gebruik die geadresseerdes uitdruklik aan: "Aan almal wat in Rome is, geliefden van God, geroepe heiliges ".

### 2.1 PAULUS SE VERBAND MET DIE GEMEENTE IN ROME

Romeine en Kolossense is die enigste briewe van Paulus wat gerig is aan gemeentes wat hy nie self deur sy sendingwerk gestig het nie.

Ook het hy die gemeente op die tydstip wanneer hy die brief skryf, nog nooit besoek nie. Bewyse:

(i) Albei hierdie sake weet ons uit Handelinge wat verhaal hoedat Paulus nooit op sy sendingreise verder wes as Griekeland gevorder het nie, en eers eindelik in Rome gekom het as 'n gevangene wat geappéleer het na die Keiser as die hoogste appélhof van die Romeinse Ryk - dus na sy derde sendingreis (vgl. Handelinge 25: 11, 12 en 28: 16).

(ii) Die Rome ine- brief self bevestig hierdie getuienis van Handelinge in Romeine 1: 9-I3 en 15: 22-24.

Paulus skryf dus hierdie brief aan 'n gemeente vir wie hy as gemeente nog PERSOONLIK ONBEKEND is.

Hierdie feit is van groot belang wanneer ons kom by die doel van die skrywer met die brief, en méér nog by die besondere eie-aard en inhoud van die geskrif.

## 2.2. DIE ONTSTAAN VAN DIE GEMEENTE

Hoe en wanneer die evangelie vir die eerste maal in Rome verkondig is en daar 'n gemeente ontstaan het, weet ons nie.

Sekere spore van 'n tradisie in die Vroeë Kerk (by Irenaeus, Dionysius van Korinthe en Eusebius) as sou Petrus en Paulus die gemeente "gegrondves" het, is yl en onbetroubaar. Paulus is in elk geval uitgesluit (vgl. 2.1 hierbo), en dis uiters twyfelagtig dat sowel Handelinge (waar Lukas juis soveel klem le op die weg van die Evangelie na Rome) as Romeine self sou nalaat om Petrus te noem as stigter indien dit so was. Boonop was Petrus blykens Handelinge 15 nog in Jerusalem tydens die Apostelkonvent (plus-minus 49-50). Maar ons weet dat die gemeente in Rome in hierdie tyd reeds bestaan het (vgl, hieronder).

Die ontstaanstyd moet in elk geval voor 49 n. C. gestel word in die lig van die interessante uitspraak van die Romeinse skrywer, Suetonius, wat in sy boek DIE LEWE VAN CLAUDIUS,hoofstuk 25,dle volgende drastiese stap van Keiser Claudius in 49 n. C. beskryf: "(Claudius) Judaeos impulsore Chresto assidue tumultuantes Roma expulit" ("Claudius het die Jode uit Rome verban omdat hulle gedurig oproer gemaak het vanweë die onrusstoker Chrestus". Teen 49 n. C. was daar dus reeds genoegsaam Christene in Rome dat die stryd van die Jode teen die Christene daartoe gelei het dat drastiese optrede teen alle Jode (ongelowige Jode en Christen-Jode) geneem is deur die keiser.

Maar hoe het die gemeente daar ontstaan? Ons weet nie. Ons kan net gis: Een moontlikheid le natuurlik reeds in Handelinge 2: 10 opgesluit: Vir die Pinksterfees was daar ook mense uit Rome in Jerusalem, en aldus by die uitstorting van die Heilige Gees en die vroegste prediking van die apostels aanwesig'

Ook die bekering van die Romeinse kaptein, Cornelius en sy huis (Handelinge 10-11) verdien oorweging. Romeinse offisiere is vir beperkte periodes na die provinsies gestuur en daarna by wyse van kompensasie na Rome gerepatrieer.

Ons kom egter nie verder nie as hipotetiese beskouinge en die wete: Teen 49 n. C. was daar al 'n sterk Christengemeente in Rome.

## 2.3 DIE SAMESTELLING VAN DIE GEMEENTE

Te midde van veel meningsverskil tussen teoloë oor die vraag of die gemeente bestaan het uit (a) Joodschristene, (b) heidenchristene, (c) beide Joodschristene en heidenchristene en indien (c) korrek is, watter groep in die meerderheid of die invloedrykste was -, kan ons volstaan met die standpuntname: Dit is baie duidelik uit hele brief dat die gemeente, soos tewens seker meeste gemeentes buite Palestina in daardie tyd, 'n gemengde karakter vertoon het. Paulus rig hom (soms afwisselend) tot Joodschristene én heidenchristene.

## 3. TYD EN PLEK VAN ONTSTAAN

Romeine 15: 22-28 is beslissend vir die bepaling van die datum van die brief: Paulus het sy reis deur Masedonië en Achaje (bykans) voltooi (vs. 26) en is nou voornemens om na Jerusalem te vertrek om die liefdegawes, gekollekteer in dié gebiede (vgl. weer I Korinthiërs 16:1-4 en II Korinthiërs 8 en 9), te gaan afdra aan die arm gemeentes van Judea (vs. 25). Ook beplan hy geen verdere sendingreise in bogenoemde gebiede nie, maar wil hy hierna oor Rome na Spanje gaan. Dit klop in alle opsigte met die beskrywing van die laaste deel van Paulus se 3e Sendingreis waar hy vanuit Korinthe terugreis na Jerusalem.

Datering dus: Aan die einde van DERDE SENDINGREIS, 56 - 57 n. C.

Plek: Waarskynlik vanuit KORINTHE - want in 16: 1 lewer hy attestasie vir Febé, 'n suster van die gemeente van Kenchreë - die hawe van Korinthe aan die Egeïese See.

## 4. INTEGRITEIT (EENHEID)

Dit gaan hier oor die vraag na die oorspronklike eenheid van die geskrif. Het al sestien hoofstukke oorspronklik so as eenheid ontstaan?

Van kritiese kant is dit wel ernstig bevraagteken.

### 4. 1 GEDEELTES IN GEDING

i) Oor 1: 1 - 15: 13 is daar prakties geen dispuut nie.

ii) Oor 15: 14 - 15: 33 is daar in beperkte mate twyfel uitgespreek.

iii) Dat Romeine 16 oorspronklik deel gevorm het van die Romeine-brief word egter oor 'n wye front deur Skrifkritiese teoloë betwyfel.

### 4. 2 HOOFARGUMENTE VAN KRITICI

i) Basiese argument: Paulus was nog nooit in Rome nie

(1: 10-13; 15: 22-24). Tog bevat hoofstuk 16 'n lang lys van groetes aan die indiwiduele persone - veel langer nog as in enige van die briewe gerig aan 'n gemeente waar Paulus lank gewerk het.(En dan word veral aan Efese gedink!) Aangesien Paulus nie soveel mense in Rome kon ken nie, staan dit dus vrywel vas dat hoofstuk 16, as dit van Paulus se hand is, tog nie oorspronklik aan die gemeente van Rome gerig was nie, en dan per abuis aan die Romeine-brief aangeheg geraak het.

ii) Romeine 15 eindig in vers 33 met die woorde: "En die God van vrede sy met julle almal! Amen. " Dit stem grootliks ooreen met die gebruiklike formulering van die slotseënbede by Paulus se briewe. Hier sou dus 'n sterk aanduiding wees dat die Romeinebrief oorspronklik geëindig het by 15: 33.

-Sommige geleerdes het hulle op dieselfde argument beroep om aan te voer dat die brief oorspronklik by 15: 13 geëindig het, omdat ook daar 'n seënbede of doksologie voorkom wat tipies is van die slot van Paulus se briewe.

Hierdie laaste standpunt geniet vandag egter weinig steun.

### 4 .3 TEENARGUMENTE TEN GUNSTE VAN R OME INE 16 SE EENHEID MET DIE BRIEF

i) Die manuskrip-getuienis van die Romeinebrief is

eenstemmig dat Romeine 16 altyd en oral in die Vroeë Kerk as inherente deel tot die Romeinebrief behoort het.

ii) Die argument van die seënbede in 15: 33 hou nie

steek nie. Juis die ander hipotese dat die brief by 15: 13 moes geëindig het omdat reeds daar 'n soortgelyke seënbede voorkom ontkrag die argument ten opsigte van die seënbede in 15:33. Ook blyk uit ander briewe van Paulus dat hy meermale by sekere belangrike momente in sy briewe 'n seënbede uiter vir die welsyn van die gemeente. Vergelyk bv. I Thessalonicense 3: 12, 13; II Thessalonicense 2: 16-17.

iii) Die kritici se hoofargument - die groot getal persoonlike groetes in 'n brief aan 'n gemeente waar Paulus nog nooit was nie - hou om die volgende redes ook nie steek nie:

a) Reisgeriewe in die Romeinse Ryk, veral van en na die hoofstad Rome was in daardie tyd besonder goed, terwyl Rome ook 'n groot toeloop van immigrante beleef het. Dit is dus goed moontlik dat heelparty van Paulus se vroeëre gemeentelede in Griekse, Masedoniese en Klein-Asiatiese gemeentes teen 56-57 n.C. in Rome woonagtig kon wees, of dat lidmate van die gemeente van Rome op reis in die gebiede Paulus op sy sendingreise kon ontmoet.

b) In 49 n. C. moes vele christene (veral Joodschristene) vanweë die edik van keiser Claudius (vgl. punt 2.2 "Die ontstaan van die gemeente") uit Rome padgee. Dit is waarskynlik dat verskeie van hulle na Griekeland, Macedonië, Klein-Asië (en Palestina) getrek het waar Paulus juis in hierdie jare met sy sendingreise werksaam was. Na die opheffing van die edik in die vroeë vyftiger jare het baie van hierdie mense ongetwyfeld teruggekeer na Rome, en wel as persoonlike kennisse van Paulus. Hiervoor het ons 'n konkrete bewys in die Skrif self in die persone van Priscilla en Aquila: Handelinge 18: 1-2 verhaal hoe hulle as Joodschristene gevlug het uit Rome na Claudius se edik en deur Paulus op sy tweede sendingreis in Korinthe gevind is. Blykens Romeine 16: 3 is hulle dan teen 56-57 terug in Rome!

c) Dat Paulus juis in die Romeinebrief soveel mense persoonlik groet, terwyl hy dit nie doen in briewe aan gemeentes waar hy persoonlik gewerk het nie, is nie onverklaarbaar nie. Inteendeel, die enigste ander brief waarin ook heelparty individue by name gegroet word, is Kolossense - ook die enigste ander brief aan 'n gemeente waar Paulus nie self gewerk het nie!

En dis heel logies: hier ken hy slegs enkeles, en hy kan hulle dus by name noem. Maar in die ander gemeente ken hy bykans almal en wil dus nie uitsonderings maak nie. Daarby is dit vir hom belangrik dat die Romeine wat hom nie persoonlik ken, tog moet weet: "Hierdie en daardie persone in julle midde ken my en kan van my getuig".

iv) Laastens: 'n Deeglike struktuuranalise van die brief laat blyk dat Romeine 16 na sy inhoud 'n wesenlike eenheid vorm met die boodskap van die boek. Veral gaan dit om die herhaalde klem op "my stamgenoot (stamgenote"), 16: 7, 11, 21, wat belangrik word in hoofstuk 16 net in samehang met Romeine 9-11!

SLOTSOM: Ons konkludeer dus dat daar GEEN GRONDE is om die Bybelse getuienis teen te gaan dat die sestien hoofstukke van Romeine 'n eenheid vorm as brief van Paulus nie.

## 5. DIE DOEL VAN DIE SKRYWER

Die doel van die apostel Paulus met die skryf van hierdie brief aan die gemeente in Rome 18 implisiet opgesluit in Romeine 1: 9-13 en 15: 22- 24.

Aangesien Paulus nog nooit in Rome kon kom nie, en hy nou hoop om uiteindelik by hulle te kom op sy voorgenome sendingreis na Spanje, skryf hy voor hy, D. V., persoonlik by hulle sal kom en daar as apostel in die Naam van die Here die Woord sal verkondig, eers, wat ons kan noem, 'N PERSOONLIKE INTRODUKSIEBRIEF: Die gemeente van Rome, wat hom nog nie persoonlik ken nie, mag nie in die twyfel gelaat word oor hoe hy die Goeie Boodskap verkondig nie.

Hierdie doel van Paulus is dan ook bepalend vir die tema en struktuur van sy brief.

## 6. TEMA VAN DIE BRIEF

6 1 DIE SLEUTELWOORDE TOT DIE TEMA: ROMEINE 1: 16-17

Na 'n kort inleiding (1: 1-15), kom Paulus in 1: 16-17 by 'n byna formele aankondiging van die sentrale tema van die Evangelie van Jesus Christus wat daarom ook die tema sal wees van hierdie introduksiebrief.

Enkele verduidelikende eksegetiese opmerkings oor hierdie (in Afrikaans), moeilike verse is nodig:

i) By vers 16: Waarom, sê Paulus, is die prediking vanJesus Christus 'n Evangelie, 'n Blye Boodskap? Omdat dit die boodskap bring van God se krag om te red elkeen wat glo in Jesus!

ii) Vers 17 verduidelik dit nader: "Want die geregtigheid van God word daarin (d. i. in die Evangelie) geopenbaar ".

Die uitdrukking "geregtigheid " beteken hier om "regverdig of onskuldig voor die Regter te wees" - 'n juridiese begrip. Wanneer Paulus van "geregtigheid " (Grieks: dikaiosune) praat, sien hy God as Regter en die mens as aangeklaagde voor die Regterstoel.

Die SENTRALE VRAAG wat Paulus in die brief wil behandel, is: HOE KAN DIE SONDAARMENS, SO DODELIKSKULDIG, TOG REGVERDIG OF ONSKULDIG VOOR GOD STAAN?

iii) Die uitdrukking "geregtigheid VAN GOD" sien nie op geregtigheid as eienskap van God nie, maar bedoel: "ons onskuld WAT VAN GOD KOM" of "die onskuld wat God ons skenk".

iv) Paulus wil ook sê HOE God ons weer onskuldig voor Hom maak, dit is naamlik: "Uit geloof tot geloof". Die Afrikaanse vertaling is hier 'n alte letterlike weergawe van die Griekse idioom. Die bedoeling is: "Van begin tot einde net deur geloof" of "geheel en al net deur geloof".

Ons sondaars kan weer onskuldig voor God se regterstoel staan, nie omdat ons so goed is nie, of sulke goeie werke doen nie, maar enkel en alleen omdat God ons die geloof geskenk het!

v) Die slotwoorde van vers 17 moet in die lig van die konteks en die strukturele ontplooiing van die brief nie vertaal word as "die regverdige sal uit die geloof lewe" nie (asof dus ons wat reeds regverdig IS, net sal LEWE deur die geloof nie), Maar "uit die geloof" moet verbind word aan "die regverdige": Die regverdige uit die geloof - sal lewe! Paulus bedoel duidelik: Slegs die tot die dood skuldige sondaar wat uit die geloof regverdig (onskuldig) verklaar is, sal lewe.

DIE GEFORMULEERDE TEMA:

Die mens wat regverdig (onskuldig) gemaak is deur die geloof, sal lewe.

OF Die nuwe lewe van die onskuldigverklaarde gelowige.

## 7. STRUKTURELE OPSET EN STRUKTUUR-ANALISE

7.1 EIEAARD VAN DIE GESKRIF

Die doel van die geskrif (dus die feit dat dit 'n introduksiebrief is, gerig aan 'n gemeente wat nie vir Paulus persoonlik ken nie, maar wat hy spoedig wil besoek) bepaal grootliks die eie-aard en dan ook die strukturele opset daarvan.

As introduksiebrief wil dit die gemeente vertroud stel met die wyse waarop hierdie "vreemde" apostel die Evangelie preek. Uiteraard kan Paulus daarby hom slegs tot die HOOFSAKE beperk.

Gevolglik vind ons in die Romeine-brief 'n deeglik uiteengesette kernbeeld van die sentrale betekenis van die werk van Jesus Christus vir ons.

Die Brief aan die Romeine het dus 'n besondere eieaard onder die briewe van Paulus: Dit is miskien die ONPERSOONLIKSTE (behalwe vir hoofstuk 16 - met 'n spesifieke doel) en terselfdertyd die MEES SISTEMATIESE van sy briewe, wat inhoudelik 'n omvattende sistematiese uiteensetting gee van die sentrale heilsbetekenis van God se genadedade aan ons in Jesus Christus.

## 7. 2 STRUKTUURANALISE 1)

DIE MENS WAT GEREGVERDIG IS DEUR DIE GELOOF, SAL LEWE!

1. Inleiding- 1: 1-15.

2. Tema aankondiging - 1: 16-17.

3. EERSTE HOOFDEEL: DAAR IS NIEMAND REGVERDIG NIE, SELFS NIE EEN NIE 1: 18-3:20 - Die KLAGSTAAT

a. Die ongeregtigheid (skuld) van die heidene (1: 18-32).

b. Die ongeregtigheid (skuld) van die Jode, wat

1) Gedeeltelik in aansluiting by Anders Nygren se puik kommentaar op Romeine

Gods wet het, maar dit nie onderhou nie (2: 1-3: 8).

c. Die ongeregtigheid van alle mense saamgevat (3: 9-20). (3: 19-20 - Enige verweer?)

4. TWEEDE HOOFDEEL: GOD MAAK REGVERDIG ALLEEN DEUR DIE GELOOF IN CHRISTUS - 3:21 - 4: 25 - Die UITSPRAAK

a. Regverdigmaking alleen deur die geloof in Christus (3: 21- 26).

b. Alle menslike roem uitgesluit: nie ons goeie werke, maar alleen God se genade maak regverdig ( 3: 27-31).

c. Regverdiging alleen deur geloof het al gegeld vanaf die Verbondsluiting met Abraham (4: 1-25).

5. DERDE HOOFDEEL: WIE GEREGVERDIG IS DEUR DIE GELOOF, SAL LEWE - HFF. 5-8 - Die VONNIS

a. Die nuwe lewe - bevry van die toorn van God (hf. 5; vgl. 5: 1 - 2; 9).

b. nuwe lewe - bevry van die sondemag (hf. 6; vgl. 6: 1-2, 22).

c. Die nuwe lewe - bevry van die wet (hf. 7, vgl. 7: 1, 4).

d. Die nuwe lewe - bevry van die dood deur die lewendmakende Gees (hf. 8; vgl. 8: 2, 11, 23).

e. Die oorwinningslied van die verlostes (8: 31-39).

6. VIERDE HOOFDEEL: ISRAEL - DIE GROOT VOORBEELD VAN GOD SE TROU IN DIE REGVERDIGMAKING DEUR DIE GELOOF - HFF. 9-11.

a. Die tragedie van Israel, die Verbondsvolk: die groot massa van die volk wil nie glo in die Christus van God nie (9: 1-5).

b. Dit is nie God wat ontrou is aan die beloftes van sy verbond met Abraham nie (9: 6-29).

Immers, van die begin af het God met 'n UITVERKIESENDE verbond gewerk: Nooit was alle Israeliete OUTOMATIES deel van die ware Israel nie.

c. Dit is Israel wat ontrou is, omdat hulle aan die wet vashou en nie die genade van God in Christus wil glo en aanvaar nie (9: 30 - 10: 21).

d. Tog verstoot God in sy trou Israel nie! (11: 1-32).

Immers, daar IS reeds 'n klein oorblyfsel van Israel wat glo - o.a. Paulus self -, en uiteindelik sal God al die uitverkorenen onder Israel (die hele Israel) tot geloof en verlossing bring. Lees veral: 11: 1-2,5,7,25-26.

e. Lofsang op die troue genade van God (11: 33-36).

7. VYFDE HOOFDEEL: DIE LEWENSWANDEL VAN DIE GEREGVERDIGDE: 'N LEWENDE DANKOFFER' - 12: 1-15: 13.

a. Ons hele lewe 'n dankoffer as antwoord op God se genade (12: 1-2).

b. 'n Lewe van liefde (12: 3-21).

i) Nederige en dienende liefde (12: 3-8).

ii) Ongeveinsde broederliefde (12: 9-13).

iii) Vergewende liefde teenoor vyande (12: 14-21),

c. 'n Lewe van gehoorsaamheid aan gesag, besonderlik dié van die owerheid (13: 1-7).

d. 'n Lewe bekleed met Christus en sy liefde (13: 8-14).

e. 'n Lewe in verantwoordelikheid en vryheid (14: 1- 15: 13).

i) Dié toetssteen of iets reg is: is dit tot eer van die Here? (14: 1-12).

ii) Ons is vry om alles te doen wat uit die geloof en tot heil van ons naaste is (14: 13-23),

iii) Soos Christus moet ons doen en late gekenmerk word deur selfverloëning (15: 1-13)

8. Paulus se afgehandelde sendingwerk en toekomsplanne- 15: 14-32.

9. Groetes aan bekendes in Rome - 16: 1-24

10. Slotseën - 16: 25-27.

## 8. OPENBARINGSBETEKENIS IN DIE KANON

8.1 Vanuit sy eieaard is hierdie brief 'n onmisbare deel van die geopenbaarde woord van God: Dit bied immers die mees sistematiese uiteensetting en die volle diepte aan ons van die Skriftuurlike leer van die verlossing uit genade deur geloof alleen.

8.2 Vanweë hierdie besondere eieaard het die Romeinebrief inderdaad deur die eeue 'n geweldige invloed uitgeoefen op die Kerk van onse Here Jesus Christus:

- VERWAARLOSING van HIERDIE brief het grootliks gelei tot die geweldige verval van die Rooms Katolieke Kerk in die bande van die werkheiligheidsleer en die afkoopstelsel.

- Daarteenoor was dit juis hierdie brief wat die Hervorming onder leiding van LUTHER EN CALVYN eerste geïnspireer het. Tot vandag is die Brief se invloed regmatig sterk in die Kerke van die Hervorming, soos veral blyk uit ons Belydenisskrif, die HEIDELBERGSE KATEGISMUS, wat sy driedeling: Ellende, Verlossing, Dankbaarheid, aan die breë basiese opset van die Romeinebrief ontleen.

8.3 Romeine moet gelees word saam met twee ouere briewe van die Nuwe Testament, t.w. Galasiërs (waarskynlik Paulus se oudste brief) en die Brief van Jakobus (waarskynlik die oudste boek van die Nuwe Testament).

Saam vorm hulle 'n wonderlike trilogie oor die Skriftuurlike verhouding van geloof en goeie werke.

Dié saak verdien breëre uitwerking, soos dit byvoorbeeld in die volgende opmerkings aangestip word:

i) In die loop van die geskiedenis is daar dikwels 'n direkte teëspraak gesien tussen Jakobus aan die een kant en Romeine-Galasiërs aan die anderkant, ten opsigte van die kernpunt van die Evangelie, te wete die weg tot regverdigmaking/saligheid.

Immers, Romeine-Galasiërs sê:

"Geregtigheid voor God is 'n saak van geloof van begin tot einde" (Romeine 1: 17), en: "Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die

werke van die wet" (Romeine 3: 28, vgl. Galasiërs 2: 16). Maar Jakobus sê:: ""Sien julle nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie?" (Jakobus 2: 24).

Op grond hiervan het dele van die Vroeë Kerk in die eerste drie eeue lank gehuiwer om Jakobus sy plek in die kanon te gun wat hom toekom; en het Maarten Luther aanvanklik die brief verwerp as 'n "brief van strooi" (hy het egter spoedig, na 'n deeglike studie van Jakobus sy kritiek op die brief herroep).

ii) Inderwaarheid vorm die drie geskrifte 'n pragtige "trilogie", wat saam 'n geheel- en eenheidsgetuienis lewer oor die verhouding van geloof en goeie werke in die regverdigmaking en verlossing:

a. Eerstens moet onthou word dat Jakobus geen reaksiegeskrif op Paulus se briewe is nie, maar inteendeel die oudste van die drie geskrifte is. Dit is dus glad nie bedoel as 'n korreksie op Paulus se leer van verlossing deur die geloof alleen nie.

b. Tweedens moet goed besef word dat Paulus en Jakobus met die woord "werke" nie dieselfde bedoel nie.

As PAULUS sê:: die mens word geregverdig deur die geloof sonder die werke, dan is "werke" steeds gekwalifiseer as "DIE WERKE VAN DIE WET ". Paulus skryf teen die dwaling van die JUDAISTE wat die saligheid afhanklik wil maak van die mens se onderhouding van die hele Mosaïese wetgewing, en wat so die genoegsaamheid van Jesus se vervulling van die wet vir ons, en sy betaling vir ons sondes, verloën. Hy sê dan: geloof in Christus red.

want God maak sondaars regverdig om Jesus wil!

JAKOBUS bedoel met "werke" egter nie onderhouding van die Mosaïese wetgewing nie, maar: DIE WERKE VAN DIE GELOOF! Dit is: Die uitlewing van wat jy glo' Hy skryf aan die verstrooide Jerusalemse gemeente, wat uit Joodschristene bestaan, en waar daar uit reaksie teen die Joodse wettisisme blykbaar 'n neiging was om te sê: Die geloof red mos, nou hoef ons niks te doen nie; dit maak nie saak hoe ons lewe nie, solank ons net glo!

Hierteenoor sê Jakobus nou: Nee, DIT is nie ware geloof in Jesus nie. So 'n geloof is morsdood, en is nie die saligmakende geloof nie.

Geloof is nie net 'n sentiment van die hart of 'n verstandelike kennis nie (Satan weet ook daar is 'n God! - 2: 19) -ware geloof is iets wat BELEEF word; die wete dat Jesus my gered het, dring tot 'N LEWE VAN GOEIE WERKE UIT DANKBAARHEID

Dit getuig Romeine en Galasiërs tog ook baie duidelik! Vergelyk maar weer Romeine 6 en 12-15 asook Galasiërs 5 en 6

iii) VERHOUDING ROMEINE-GALASIËRS

Dié twee briewe staan baie naby aan mekaar: Albei handel primêr oor die verhouding wet-geloof.

GALASIERS is die ouere brief en is ANTITETIES van aard, dit wil sê,, dit verdedig die leer van die verlossing deur die

geloof uit Gods vrye genade teenoor die dwaalleer van die Judaïste

ROMEINE (wat na die Apostelkonvent geskryf is) is TETIES, dit wil sê,, dit behandel positief-uiteensettend die weg van die verlossing op omvattende wyse, met die oogmerk om die gemeente van Rome wat hom nie goed ken nie, in te lei in die Evangelie soos hy dit predik.

8. 4 Romeine 9-11 bly tereg een van die meesbestudeerde dele van die hele Bybel, vanweë die belangrike behandeling van die vraagstuk van die heils- en openbaringshistoriese posisie van Israel in die Nuwe Testamentiese bedeling- en van God se VERBOND STROU teenoor Israel

## HOOFSTUK 7 DIE GEVANGENSKAPSBRIEWE

Skema:

1. Sake rakende al vier briewe.

1.1 Inleidend. Die benaming "Gevangenskapsbriewe".

1. 2 Tyd en plek van ontstaan van die briewe.

2. Die Brief aan die Kolossense: Jesus, Hoof van die Kerk.

2.1 Die christelike gemeente in Kolosse.

2.2 Doel van die skrywer.

2.3 Tema en Struktuur

2.4 Openbaringsbetekenis in die Kanon.

3. Die Brief aan die Efesiërs: Die Kerk, Liggaam van Christus.

3.1 Oorspronklike lesers.

3.2 Tema en Struktuur.

3.3 Openbaringsbetekenis in die Kanon.

Die verband tussen Kolossense en Efesiërs (raak outentisiteit van beide).

5. Die Brief aan Filemon: Die allesoortreffende Broederband in Christus.

5.1 Outentisiteit en Kanonisiteit.

5.2 Oorspronklike leser(s).

5.3 Inhoud en Tema.

5.4 Openbaringsbetekenis in die Kanon.

6. Die Brief aan die Filippense: Die Christelike Blydskap.

6.1 Die stad Filippi en die gemeente aldaar.

6.2 Tema en Struktuuranalise.

6 3 Openbaringsbetekenis in die Kanon.

# 1. SAKE RAKENDE AL VIER BRIEWE

## 1.1 INLEIDEND: DIE BENAMING "GEVANGENSKAPBRIEWE ".

'n Groep van vier van Paulus se briewe staan algemeen bekend onder die naam: die Gevangenskapbriewe.

Hulle is: Efesiërs, Filippense, Kolossense en Filemon.

In al vier dié briewe toon Paulus self duidelik dat hy skryf van agter die tronkdeure (Efesiërs 3: 1; 6: 20; Filippense 1: 12-17; Kolossense 4: 3, 10; Filemon vers 1).

## 1.2 TYD EN PLEK VAN ONTSTAAN VAN DIE BRIEWE

1.2.1 Hierdie vier briewe moes feitlik gelyktydig en dus ook vanaf dieselfde plek van gevangenskap geskryf gewees het.

MOTIVERING vir hierdie stelling:

i) Daar is 'n besonder noue inhoudelike ooreenkoms tussen Efesiërs en Kolossense, dikwels selfs ten opsigte van sinswendinge en woordkeuse.

ii) Dieselfde man, Tichikus, word deur Paulus gestuur om die briewe aan Efese en Kolosse (slegs omtrent 170 kilometer uitmekaar) af te lewer (Efesiërs 6: 21 en Kolossense 4: 7).

iii) Die Filemon-brief handel oor die wegloper-slaaf, Onesimus, wat by Paulus aangekom het, 'n christen geword het en ten tye van die skrywe van die brief weer aan sy baas, Filemon, teruggestuur word deur Paulus.

Ook Kolossense 4: 9 meld dat Paulus saam met die draer van die brief (Tichikus), vir Onesimus terugstuur na sy tuisstad Kolosse

iv) In Filippense is Paulus duidelik ook in langdurige gevangenskap (Filippense 1: 12-17 en 4: 18).

1.2.2 Waar was Paulus dan in gevangenskap by die skrywe van hierdie briewe? A. F J Klijn (De Wordingsgeschiedenis van het Nieuwe Testament, bll. 119-120; 130-131; 149) en andere sê: In Efese, ongeveer in 53-54 n. C., tydens Paulus se derde sendingreis, Hierby is die volgende opmerkings nodig:

i) Ons weet van twee geleenthede waarby Paulus ge ruime tyd in die gevangenis was:

a) In CAESAREA, aan die einde van sy derde sendingreis, + 57- 58 n. C.

b) in ROME, nadat hy hom op die keiser beroep het, 60-62 n. C.

Daar bestaan egter 'n teorie, gegrond op enkele gegewens uit die geskrifte van die vroeëre kerkvaders, dat Paulus ook gedurende sy derde sendingreis in EFESE in die gevangenis was,

ongeveer gedurende 53-54 n. C. Klijn huldig ook hierdie beskouing en meen dan dat al vier Paulus se gevangenskapbriewe vanuit Efese geskryf is.

ii) Die volgende besware geld teen die teorie van Efese as oorsprong van hierdie briewe:

a. Hierdie moontlikheid kan eers dan oorweeg word, as mens op karige gronde gaan aanvaar dat die brief aan die Efesiërs inderdaad aan die gemeente van Laodicea en nie aan Efese geskryf was nie. (Paulus kan tog nie uit Efese 'n brief aan Efese skryf nie!) Vgl. oor die tekskritiese probleem met Efesiërs 1: 1: "Oorspronklike lesers", pt. 3.1

b. Lukas, wat Paulus se besoek aan Efese op sy derde sendingreis breedvoerig in Handelinge 19 beskryf, meld niks van 'n gevangenskap van Paulus aldaar nie.

c. Uit Kolossense 4: 14 blyk dat die geneesheer Lukas by Paulus in sy gevangenskap is. Uit Handelinge 19 blyk dat Lukas NIE saam met Paulus in Efese was op sy derde sendingreis nie.

d. Daarteenoor was Lukas wél saam met Paulus toe hy in Rome in die gevangenis was (Handelinge 28).

e. Die vroegste tradisie in die vroeë christelike kerk is baie sterk dat al vier gevangenskapsbriewe vanuit die gevangenis in Rome geskryf is.

iii) Daar moet dus (teenoor Klijn) met redelike sekerheid aanvaar word dat al vier hierdie briewe hul ontstaan het in die keiserlike gevangenis van Rome, toe Paulus twee jaar lank (Handelinge 28: 30) die verhoor voor die keiser afgewag het, Vgl. hierby veral ook Filippense 1: 13 en 4:22.

2.2.2 Daarom stel Paulus dit in 1: 4-9 duidelik dat hy aan hulle skryf na aanleiding van wat hy van hulle gehoor het, nie by hoor-sê nie, maar persoonlik van Epafras, hulle leraar

iv) Die tyd van ontstaan moet dan gestel word: tussen 60 en 62 n.C.; Efesiërs, Kolossense en Filemon ongeveer gelyktydig + 60- 61 n. C.; Filippense ietwat later, teen die einde van sy gevangenskap (vgl. 1:19-20; 2: 17-18), + 62n.C.

## 2. DIE BRIEF AAN DIE KOLOSSENSE: JESUS, HOOF VAN DIE KERK

## 2. 1 DIE CHRISTELIKE GE MEENTE IN KOLOSSE

Soos Romeine is Kolossense 'n brief aan 'n gemeente wat Paulus nie gestig het nie. Maar anders as Romeine is hierdie brief gerig aan 'n gemeente waarmee Paulus tog noue kontak oor verloop van jare gehad het.

Blykens Kolossense 1: 7,8 was Epafrasblykbaardie stigter van die gemeente. Hierdie Epafras was een van Paulus se mede-werkers in die sendingaksie in Klein-Asië, sodat Paulus deur hom noue kontak met die gemeente van Kolosse gehad het. Daarby was Kolosse slegs ongeveer 'n 170 kilometer oos van Efese, waar Paulus self lank gewerk het.

## 2.2. DOEL VAN DIE SKRYWER

Enkele kernagtige opmerkings is hierby nodig:

2.2.1 Ons moet onthou dat Paulus hier skryf aan 'n gemeente waar hy nooit self gearbei het nie, al het hy wel noue kontak met hulle gehad.

2.2.3 Uit die getuienis van Epafras het dit vir Paulus duidelik geword dat terwyl die gemeente wel getrou vasstaan in die ware geloof, hulle tog sterk aangeval word deur die dwaalleer van 'n sekere sektariese beweging in hulle midde Dit is dan Paulus se DOEL: OM DIE GEMEENTE TE BEMOEDIG OM VAS TE STAAN IN DIE WARE GELOOF, DEUR JUIS DIE SUIWER EVANGELIE WEER DUIDELIK TE STEL TEENOOR DIE BETROKKE DWAALLEER

2 2.4 Die sektariese dwaalleer in Kolosse kom blykens die brief kortliks op die volgende neer:

Christus sou dan wel die Verlosser wees, maar ons kan nie deur Christus se verdienste alleen gered word nie.

Die verlossing sou dan bewerk word deur Christus PLUS:

i) Aanbidding van die engele (2: 18););

ii) strenge onderhouding van allerlei Joodse feeste (2: 16);

iii) 'n asketiese (wêreldontvlugtende) lewenswyse, deur streng vermyding van sekere voedsel en drank (2: 16a en 2: 20-23).

Dus: Die mens moet deur eie verdienste (met die hulp van Jesus Christus) self bo die sondige wereld na die hemelse wêreld uitstyg Dit maak sterk die indruk-van 'n vroeë sinkretisme (vermenging) van die christelike geloof met die Joods-Gnostisisme.

2.2.5 Teen hierdie Christus-onterende dwaalleer, wil Paulus in dié brief dan die heerlikheid, majesteit en alvermoënde verlossingskrag van Christus duidelik stel.

Dit bepaal grootliks die tema en inhoud van die brief.

## 2.3 TEMA EN STRUKTUUR

### 2.3.1 SENTRALE INHOUD EN TEMA

Die besonder noue verband van Kolossense met Efesiërs is onmiskenbaar: Naas die vele kleiner punte van ooreenkoms ten opsigte van taal- en woordgebruik, vind ons by Kolossense, asook by Efesiërs, die verhouding tussen Christus en sy Kerk as die sentrale motief, terwyl die verhouding in beide uitgedruk word in die beeld van "Hoof en-liggaam ".

Tog val die nadruk in Kolossense ietwat anders as in Efesiërs: By laasgenoemde val die klem op DIE KERK, as die liggaam van Christus. In Kolossense egter val die klem op CHRISTUS AS DIE HOOF van die kerk. Dit kom duidelik navore in die SLEUTELVERSE tot die inhoud van die brief, te wete KOLOSSENSE 1: 15-20. Veral belangrik is verse 15 en 18:

"Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping" (1: 15).

"En Hy is die Hoof van die liggaam naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles eerste kan wees" (1: 18).

GEFORMULEERDE TEMA:

Christus, die Hoof van die Kerk, Koning oor die ganse skepping.

### 2.3.2 STRUKTUURANALISE:

Die noue verband tussen Kolossense en Efesiërs, ten opsigte van taalgebruik, woordkeuse, sentrale inhoud en tema, kom ook duidelik aan die lig by die stukturering van die briewe.

Vergelyk daarom gerus die stuktuuranalises van die twee briewe.

CHRISTUS, DIE HOOF VAN DIE KERK, KONING OOR DIE GANSE SKEPPING,

1. AANHEF- 1: 1-2.

2. IN CHRISTUS alleen skenk God verlossing 1: 3-14 (Vgl, veral verse 13-14).

3. CHRISTUS, DIE HOOF van dieKerk, Koning oor die skepping: 1: 15-23,

4. Die apostoliese prediking in diens van die eer van ONS HOOF, CHRISTUS - 1: 24-29.

5. CHRISTUS, ONS HOOF se volkomenheid - gehandhaaf teen die dwaalleraars - 2: 1-23.

a. Christus - volkome God (2:: 1-12; vgl. veral verse 9-10).

b. Christus - volkome Verlosser (2: 13-23; vgl. veral verse 13-15, 20).

6. DIE HOOFSKAP VAN CHRISTUS oor die hele lewe van die Christene - 3: 1 - 4:6.

a. Ons-lewe van Bo beheers, en na Bo gerig (3: 1-7),

b. Ons is deur Christus herskape na die beeld van God (3: 8-17).

c. Christus moet al ons gesagsverhoudinge beheers (3: 18 - 4: 1).

d. Noodsaaklikheid van die gebed in die kerk (4: 2-6).

7. SLOT-4: 7-18.

### 2.4 OPENBARINGSBETEKENIS IN DIE KANON

Saam met Efesiërs bied Kolossense ons 'n onmisbare twee-eenheid as Goddelike openbaring oor die verhouding van Christus en sy kerk.

2.4.1 Teenoor die dwaalleringe van alle eeue en van ons tyd, wat die Godheid en die volmaaktheid van Christus Jesus as Verlosser wil afbreek, word in Kolossense die Hoofskap van Christus oor die kerk, sowel as oor die ganse skepping, duidelik gestel (1: 13-23; 2: 1-23). Daarom is en bly Kolossense die locus classicus by uitstek teen alle sektarisme, waarvan die kenmerk altyd weer is dat die verlossing afhanklik is van Christus PLUS...(hierdie of daardie menslike verdienste of wettisistiese gebruik, bv. sewendedag-sabbat, gebruik van die naam Jehowa, grootdoop, ens. )

2.4.2 Die ware geloof in Jesus laat die mens nie onveranderd nie. As Hoof herskep Hy deur die Heilige Gees die ware gelowige om weer te kan en te wil leef as beelddraer van God (vgl. 3:1-17, en veral 3: 9-11).

2.4.3 Wie Jesus sy Here noem, erken Hom as Koning en Hoof oor sy hele lewe. Sy hele lewe in alle fasette en op alle gebiede moet staan in diens van sy Koning. 'Wat julle ook al doen in woord of daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus, en dank God die Vader deur Hom" (3: 17).

2.4.4 Kolossense bied, korter maar ewe duidelik as Efesiërs, belangrike Skrifeise in verband met gesagsverhoudinge- 3: 18 - 4: 1; vgl. Efesiërs 5: 22 - 6: 9.

# 3. DIE BRIEF AAN DIE EFESIËRS: DIE KERK, LIGGAAM VAN CHRISTUS.

## 3.1 OORSPRONKLIKE LESERS.

Efese, was 'n hawestad aan die westelike kusgebied van Klein-Asië, geleë in die Romeinse provinsie "Asië". Die gemeente aldaar is gestig aan die einde van die tweede sendingreis van Paulus (vgl. HANDELINGE 18: 19 e.v.v.) Tydens die derde sendingreis het Paulus ongeveer twee jaar lank daar gewerk.

Tog is daar sterk twyfel of hierdie brief oorspronklik spesifiek aan hierdie gemeente gerig was: Meeste van die oudste manuskripte van dié brief laat die woorde "in Efese" in 1: 1 weg, sodat ons volgens hulle hier 'n "ongeadresseerde" brief van Paulus het, wat slegs in die algemeen gerig is aan "die wat heiliges en gelowiges is". Marcion, die tweede eeuse ketter, beskou die brief as die "brief aan Laodicea" (Kolossense 4: 16), maar hiervoor is daar geen bewys nie.

Ons het hier waarskynlik 'n omsendbrief aan die gemeentes van Klein Asië wat oorspronklik eerste aan Efese gestuur is (vgl. verder by punt 4).

## 3.2 TEMA EN STRUKTUUR

3.2.1 Sentrale Inhoud en Tema

Die SLEUTELVERSE wat uitdrukking gee aan die sentrale inhoud van hierdie brief vind ons aan die einde van die eerste hoofstuk met sy loflied-karakter, te wete:

EFESIËRS 1: 22-23: "En Hy (God die Vader) het alle dinge onder sy voete (Christus s'n) onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente (die kerk) gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul".

In Efesiërs word dus gehandel oor: Die Kerk en Christus onder die beeld van "LIGGAAM-EN- HOOF".

Die kerk word dan van begin tot einde gesien, nie as 'n menslike instelling of vereniging nie, maar as die skeppingswerk van God in en deur Jesus Christus: die kerk het sy oorsprong by God in Christus; word byeengebring deur Christus; vind sy eenheid in Christus; word regeer deur Christus; en daarom moet die gelowiges (die kerk) hulle hele lewe in alle fasette laat bepaal deur Jesus en sy Koningswoord,

GEFORMULEERDE TEMA:

Die Kerk as Liggaam van Christus, die Hoof.

3.2.2 STRUKTUURANALISE

DIE KERK AS LIGGAAM VAN CHRISTUS, DIE HOOF.

1. Aanhef- 1: 1-2

2. DIE KERK SE EWIGHEIDSAGTERGROND: God se uitverkiesing - 1: 3-14.

3. DIE KERK SE HOOF: Jesus Christus - 1: 15-23.

4. DIE KERK AS SKEPPING VAN CHRISTUS UIT DIE DOOD - 2: 1-10.

5. DIE KERK - WERELDWYD EEN IN CHRISTUS - 2: 11- 3: 21

a. ALLE NASIES kry saam met Israel DEEL AAN GODS GENADE in Christus (2: 11-13) (omvattendheid of universaliteit).

b. Die Kerk uit al die nasies IS EEN GEBOU IN CHRISTUS- (2: 14-22) (eenheid).

c. Die plek van die APOSTOLIESE PREDIKING in die uitbreiding van die Kerk (3. 1-13).

d. Gebed dat die hele Kerk (alle gelowiges) VOL VAN DIE GEES mag wees (3: 14-21).

6. DIE KERK SE ROEPING AS LIGGAAM VAN CHRISTUS: 4: 1- 6: 9.

a. Roeping tot uitlewing van ons eenheid (4: 1-16).

b. Roeping om as nuwe mense - vry van die sonde - te leef (4: 17 - 5: 21).

c. Regte gesagsverhoudinge (man-vrou; ouer-kind; baas-slaaf) binne die kerk (5: 22-6: 9)

7. DIE KERK SE WAPENRUSTING - 6: 10-20,

8. SLOT - 6: 21-24.

## 3.3 OPENBARINGSBETEKENIS IN DIE KANON

Efesiërs bied vir ons die volledigste prent van WAT die kerk prinsipieël (in wese ) IS, en van hoe die kerk in praktyk MOET wees.

3. 3.1 "Die Kerk" - is nie die GEBOU waarin saamgekom word nie;

- is nie die predikant en kerkraad nie;

- maar die GELOWIGES is die kerk.

3.3.2 Die Kerk - is nie 'n menslike vereniging, 'n genootskap van vrome mense wat hulle bymekaar voeg omdat hulle God wil dien nie;

- maar is die skeppingswerk van Jesus Christus, sy "liggaam" wat Hyself saamstel deur uitverkiesing; deur roeping tot bekering; deur die gawe van die geloof wat sy Gees ons skenk (2: 1-10).

3.3.3 As liggaam van Christus moet die kerk EÉN

wees (Christus het tog nie bate liggame nie). Die verdeeldheid van kerke (ook onder die Afrikaner-volk) is die gevolg van menslike ongehoorsaamheid en sonde. Efesiërs roep ons op tot EENHEID rondom die waarheid (4:15) van Gods Woord (vgl veral 2:11-22 en 4:1-16).

3.3.4 Efesiërs 1 bied een van die belangrikste en duidelikste uiteensettings van die leer van die uitverkiesing: dit is nie MENSE wat eerste besluit om God te dien nie, maar in sy grote liefde en goedheid het God van ewigheid af besluit om vir Hom 'n kerk - 'n uitverkore aantal kinders - te red deur sy Seun Jesus.

3.3.5 Die gebed van Paulus in Efesiërs 3, dat die gelowiges, in wie die Heilige Gees reeds woon, ook vervul mag word (vol mag word) van die Heilige Gees is seker van die rykste gebede wat 'n gelowige kan bid.

3.3.6 Belangrike Skrifeise in verband met gesagsverhoudinge (5: 22 - 6: 9).

## 4. DIE VERBAND TUSSEN KOLOSSENSE EN EFESIËRS

(Raak Outentisiteit van beide).

Waar die uiters none verband tussen Efesiërs en Kolossense onmiskenbaar is, hoe moet dit verklaar word?

Klijn noem drie moontlikhede (bl, 115).

a. Kolossense is afhanklik van Efesiërs - dus Efesiërs is outentiek, 'n egte brief van Paulus, terwyl Kolossense deur 'n latere persoon, moontlik 'n leerling van Paulus geskryf is met behulp van Efesiërs en valslik onder naam van Paulus uitgegee is.

b. Efesiërs is afhanklik van Kolossense - dan is Kolossense waarskynlik outentiek en Efesiërs 'n onegte brief.

c. Beide briewe is afhanklik van 'n oorspronklike brief van Paulus wat verlore geraak het. Dan is beide waarskynlik oneg.

Klijn (bl. 116 onder) wys aldrie dié beskouinge af, en kies vir 'n vierde moontlikheid wat nou aansluit by (c) hierbo maar so dat albei briewe se outentisiteit erken word: Die ooreenkoms is dan so te verklaar dat Paulus albei briewe geskryf het, en daarin die geykte uitdrukkings en spreekwyse van die christelike gemeentes gebruik. Maar dit veronderstel die onwaarskynlike, naamlik dat die leermeester (apostel) die taal moet napraat van die leerlinge (die gemeentes).

ONS INSIENS moet die verband tussen die twee briewe op grond van die inwendige getuienis van die briewe so verklaar word:

i) Albei briewe is deur Paulus geskryf, en wel feitlik direk na mekaar.

ii) Kolossense is die primêre brief. Immers Paulus het

'n baie sterk aanleiding gehad tot die skryf daarvan: die berig van Epafras, leraar van die gemeente, oor die ernstige bedreiging van die gemeente deur die dwaalleraars. Daarom vertoon die brief 'n sterk persoonlike karakter, met persoonlike groetes, aanbevelings en vermanings (2: 1, 4; 4: 7-17), terwyl dit by Efesiërs byna geheel ontbreek.

iii) Terwyl Paulus tog vir Tichikus na Kolosse moes stuur met die brief en Efese, 'n gemeente wat Paulus goed ken, slegs 170 kilometer wes daarvandaan geleë is sodat Tichikus eintlik OOR Efese na Kolosse sou reis, het Paulus klaarblyklik besluit om die uiters gewigtige saak waaroor hy aan Kolosse geskryf het, ook per brief aan onder andere Efese se gemeente te verkondig. Die klem val nou net meer op die plek van die KERK teenoor sy Hoof Christus, terwyl hulle nie te kampe had met die dwaalleraars wat in Kolosse die posisie van Christus wou afkraak nie. Die brief was egter waarskynlik eintlik bedoel as 'n omsendskrywe aan die gemeentes van Klein-Asië met Efese net as EERSTE adres, vanwaar afskrifte na die ander gemeentes uitgestuur is. Vandaar die manuskripte wat wel "in Efese" bevat, en die ander wat die woorde in 1:1 weglaat.

## 5. DIE BRIEF AAN FILEMON: DIE ALLESOORTREFFENDE BROEDERBAND IN CHRISTUS

## 5.1 OUTENTISITEIT (EGTHEID) EN KANONISITEIT

Filemon is een van Paulus se briewe waaroor daar in die geskiedenis die minste dispuut was ten opsigte van outentisiteit. Slegs die radikaalste Skrifkritici (bv. die Tiibingen Skool) het die outeurskap van Paulus verwerp, op grond van die brief se noue verband met Kolossense, wat eers in die tweede eeu geskryf sou gewees het.

Hierdie kort briefie adem egter onmiskenbaar die gees, liefde en wysheid van Christus se apostel van die nasies.

Dit is inderdaad opvallend dat die kanonisiteit van hierdie kort, skynbaar private briefie van Paulus nooit in die kerkgeskiedenis betwis is nie. Selfs die groot ketter van die tweede eeu, Marcion (plus-minus 140 n.C.) wat soveel Nuwe Testamentiese boeke verwerp het, het Filemon in sy kanon behou.

## 5.2 OOSPRONKLIKE LESER(S)

Die aanhef, vss. 1-2, noem as geadresseerdes, in volgorde: "Aan FILEMON, die geliefde en ons mede-arbeider, en aan APPIA, die geliefde suster, en aan ARCHIPPUS, ons medestryder, en aan DIE GEMEENTE wat in jou huis is".

In die breë is die brief dus gerig aan 'n HUISGEMEENTE (dit is 'n onderdeel van 'n groot gemeente wat, soos gebruiklik was in die Vroegste Kerk, groepsgewys in verskillende huise saamgekom het), met vermelding van drie leidende figure onder hulle.

Tog is die res van die brief in die tweede persoon enkelvoud gerig (jy, jou), en is dit dus primêr geskryf aan die eersgenoemde persoon,tewete FILEMON.

Dit staan wel vas dat hierdie Filemon in die stad KOLOSSE gewoon het:

i) Onesimus, die slaaf oor wie dit hier gaan, word ook in Kolossense 4: 9 genoem, en wel as inwoner van Kolosse. Daarheen word hy teruggestuur na sy baas, Filemon.

ii) Archippus (in die aanhef genoem), word ook in Kolossense 4: 17 genoem as lidmaat van die gemeente in Kolosse.

PRIMêRE GEADRESSERDE DUS: Filemon, 'n leidende figuur in die gemeente van Kolosse, en eienaar van die slaaf Onesimus. (Daar bestaan ook 'n teorie dat Archippus die slawe-eienaar was en dat die brief eintlik vir hom bedoel was, maar via Filemon gestuur is, wat dan as invloedryke persoon druk op Archippus moes uitoefen hiervoor is egter geen grondige argumente nie).

## 5.3 INHOUD EN TEMA VAN DIE BRIEF

Onesimus, die slaaf, het weggeloop van Filemon en klaarblyklik hom ook geldelike verliese aangedoen (vgl. vs. 18). Onesimus het op een of ander wyse by Paulus, wat in Rome onder "huisarres" was, tereggekom en daar bekeer geraak. Paulus stuur hom nou terug om as verantwoordelike christen sy sake met sy baas Filemon reg te maak.

Die brief is bedoel as begeleidingsbrief waarin Paulus by Filemon, as christen-slawe-eienaar, pleit om Onesimus nie vir sy vroeëre kwaad te straf nie (Filemon had, volgens Romeinse Reg, die reg van doodstraf oor 'n wegloperslaaf!) maar hom, waar hy nou ook 'n gelowige is, as 'n broeder in Christus te ontvang (vss. 12, 15-17). Paulus verklaar hom bereid om persoonlik enige geldelike skade wat Onesimus Filemon aangedoen het,te vergoed.

SLEUTELVERSE tot die tema: verse 15-16.

'Want miskien is hy om hierdie rede vir 'n kort tydjie van jou geskei, dat jy hom vir altyd kan besit, nie meer as 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf, as 'n geliefde broeder in die vlees sowel as in die Here".

Hier word dus die allerslegte, ongeregtigste verhouding tussen mense wat daar denkbaar is, deur die geloof in Jesus oorheers deur en verander in die allerintiemste broederband'

TEMA: BROEDERSKAP IN CHRISTUS OORSKADU ALLE AARDSE VERHOUDINGE of: DIE ALLESOORTREFFENDE BROEDERBAND IN CHRISTUS.

## 5.4 OPENBARINGSBETEKENIS IN DIE KANON

Hierdie heel kort briefie van slegs 25 verse beklee 'n onmisbare plek in die kanon:

5.4.1 Die briefie toon pragtig hoedat God selfs die heel persoonlike lewensomstandighede, hier dié van die baas Filemon en die slaaf Onesimus, wil gebruik om die rykdom van sy genade te openbaar.

5.4.2 Slawerny word hier nog wel nie met soveel woorde opgehef nie: Paulus stuur die christen- slaaf juis terug na sy baas! Die brief toon dan ook duidelik dat die christelike geloof nie rewolusionêr is nie. Dit probeer nie geweldadig sosiale onreg (soos slawerny) in 'n dag omverwerp nie.

Tog word die verhouding van baas-slaaf in Christus radikaal verander: Die christen-baas moet sy weglоperslaaf, wat nou 'n christen geword het, in vergewensgesindheid terugontvang en wel as 'n broeder in Christus! Broederskap in Christus moet ALLE ander verhoudinge tussen mense oorheers'

# 6. DIE BRIEF AAN DIE FILIPPENSE: DIE CHRISTELIKE BLYDSKAP

## 6.1 DIE STAD FILIPPI EN DIE ONTSTAAN VAN DIE GEMEENTE ALDAAR

Filippi, was geleë naby die noord-oostelike kusgebied van Masedonië.

Hoewel dit reeds teen 360 v.C. bestaan het, as 'n stigting van Filippus van Masedonië (vandaar die naam Filippi), die vader van Alexander die Grote, het dit veral sedert 42 v. C. 'n stad van betekenis geword binne die Romeinse Ryk. Antonius en Octavius (die latere keiser Augustus) het dit verhef tot 'N ROMEINSE KOLONIE. Let wel:

teenoor "provincia " of provinsie, d. w. s. "oorwonne gebied", het "colonia" of kolonie by die Romeine beteken 'n gebied buite Italië waar Romeinse setlaars, gewoonlik uitgetrede soldate, gevestig is om te dien as 'n Romeinse vesting en afskrikmiddel teen opstande deur die onderworpe inheemse bevolking.

So was Filippi dan nog in die tyd van Paulus 'n belangrike Romeinse soldatestad, wat, vanweë sy strategiese ligging op die grens tussen Europa en Asië, met sy oorwig afgetrede Romeinse soldate 'n belangrike wagpos in die Romeinse Ryk was (Opvallend is die militêre beeldspraak in die brief - vgl. onder andere 1: 27-30).

Die christelike gemeente in Filippi was van besondere belang as die eerste kerk van Christus wat Paulus op Europese bodem gestig het, nadat sy weg deur die Heilige Gees

uitdruklik gerig is op Europa (vgl. Handelinge 16: 6 e.v.v.)

Die ontstaan van die gemeente by die aanvang van die tweede sendingreis het aldus 'n groot oorgangsmoment in die geskiedenis van die Kerk verteenwoordig.

## 6.2 SENTRALE TEMA EN STRUKTUURANALISE

### 6.2.1 Die Tema

Die sentrale tema van hierdie Gevangenskapsbrief van Paulus kan ten beste so geformuleer word:

DIE BLYDSKAP VAN DIE CHRISTEN-STRYDER

MOTIVERING:

i) In teëstelling tot die bewering wat veelal gemaak word dat Filippense geen sterk deurlopende grondgedagte of eenheidsmotief het nie, vind ons die BLYDSKAPSMOTIEF deurlopend en selfs geheel beheersend dwarsdeur die brief - uitdruklik sowel as implisiet - aanwesig (vgl. bv. 1: 4; 1: 12; 1: 18; 1: 27; 2: 2; 2: 14; 2: 17-18; 2: 19; 2: 28-29; 3: 1; 3: 20-21; 4: 1; 4: 4-5; 4: 10).

ii) Kenmerk van die blydskap is dat dit blydskap IN DIE HERE MOET WEES. Dit is dus geen blootmenslike opgewektheid nie, maar die diepere vreugde in die genade van Christus, wat alleen die CHRISTEN smaak. Kernverse: 4: 4, 5.

iii) Steeds gaan dit nie maar om blydskap in die algemeen nie, maar om blydskap te midde van aanvegting, verdrukking, swaarkry - blydskap dus onder STRYD.

iv) DIE KERNVERSE, Filippense 1: 27 - 2: 2,word geheel en al in militêre terme uitgedruk.

Let op die opstapeling van militere terme:

"Voer julle BURGERPLIG uit waardig die Evangelie van Christus sodat.., ek van julle omstandighede kan hoor dat julle eensgesind OP WAG STAAN en een van siel saam VEG vir die geloof van die Evangelie, en dat julle jul in geen opsig deur DIE VYAND laat afskrik nie... "

Die belangrikheid van hierdie verse beklemtoon Paulus met die eerste woord in 1: 27: "Alleenlik" - dit wil sê, as daar EEN saak is wat ek uit die gevangenis by julle moet tuisbring dan is dit HIERDIE saak.

En aan die einde van die perikoop sê Paulus: As julle dit doen sal my Blydskap volkome wees (2: 2)

Wat is hierdie groot saak? Dié CHRISTEN-SOLDAAT wat waardig die Evangelie veg!

v) Tewens, dit is belangrik om te onthou dat Paulus

skryf aan mense in 'n Romeinse "colonia"- die inwoners van Filippi was oorwegend Romeinse OUD-SOLDATE en hulle verwante, terwyl die stad as COLONIA direk verbind was aan Rome self met sy geweldige militêre tradisie.

'n Tema: "Blydskap van die Christen-soldaat" sou dus hier besondere trefkrag hê.

6.2.2 STRUKTUURANALISE

DIE BLYDSKAP VAN DIE CHRISTENSTRYDER

1. Aanhef- 1: 1-2.

2. DANKBARE BLYDSKAP- 1: 3-26 (vgl. veral vss. 4, 12, 1&).

a. Blydskap oor die geloofgemeenskap van die gemeente met Paulus (1: 3-11).

b. Blydskap omdat tronkdeure die Woord nie kan bind nie (1: 12-18).

c. Blydskap omdat selfs die DOOD die christen nie van sy Here kan skei nie (1: 19-26).

3. BLYDSKAP IN DIE STRYD - 1: 27 - 2: 18 (vgl. veral 1: 27, 2: 2 en 17-18). Omdat ons as burgers van sy Ryk vir Hom mag ly en vir Hom mag sterf.

4. BLYDSKAP IN DIE EVANGELIEWOORD - 2: 19 - 4: 1 (vgl. veraf 2: 19, 28-29; 3: 1 en 4: 1).

a. Verbly julle in die bedienaars van die Blye Boodskap (2: 19-30).

b. Verbly julle so in die genade van die Here dat die valse leraars julle Die weer onder juk van die wet kan intrek nie (3: 1 - 4: 1).

5. DIE PORTRET VAN DIE CHRISTEN-BLYDSKAP - 4: 1-9 (vgl. veral vss. 1, 4-5).

6. WEER: DANKBARE BLYDSKAP - 4: 10-20 (vgl. veral vs. 10). - Oor die gemeenskap van die gemeente in Paulus se stoflike nood.

7, SLOT: 4: 21-23.

## 6.3 DIE OPENBARINGSBETEKENIS VAN DIE BOEK IN DIE KANON

6.3.1 Die brief gee 'n wonderlike openbaring oor die ingrypende verandering wat die ware geloof in Jesus Christus bring in die hele lewensvisie van die gelowige. Die hele lewe kry vir hom 'n ander kleur en geur:

i) blydskap oor God se genade in Jesus beheers sy

lewe in alle lewensituasies;

ii) beproewinge, maar ook teenkanting en vervolging

van die wereld word nie maar net tydelik verduur nie - maar selfs hierin kan die christen hom verbly! Want so word hy waardig geag "om nie net in Jesus te glo nie, maar ook vir Hom te ly" (1: 27-29) iii) Hy leef vir die wete en hoop: My Here is naby (4:5). 6. 3, 2 Die Filippense-brief laat geen ruimte in die kerk vlr die suurgesig-christen nie.

Ondubbelsinnig is die getuienis: Geloof in Jesus eis nie 'n langgesig en stroewe erns nie, maar juis lewensvreugde en heerlike blydskap en vriendelikheid wat ook uitstraal na almal rondom die christen (4: 4, 5),

6.3.3 Blydskap en vriendelikheid in die Here, beteken egter nooit vrede en vriendelikheid met die sondige wereld nie. Nee, dit roep juis op tot stryd: Ons blydskap in die Here moet met jaloerse erns verdedig word teen almal wat ons daarvan wil beroof - so pas Filippense 3 pragtig in in die geheel van die blydskapsbrief.

6.3.4 Besonder ryke betekenis het ook die sogenaamde Christus-himne, 2: 5-11, as bondige geheelbeeld op die betekenis van Jesus Christus se menswording, lewe, Iyde, sterwe, opstanding en hemelvaart. Hierin vind ons dan ook die diepe fundering van die christenblydskap: God het in sy Seun my so liefgehad dat Hy ALLES gedoen het om my te red uit die dood, Jesus het vir my gesterf en Hy het vir my opgestaan uit die dood. Die dood is oorwin! En nou sit MY Verlosser aan God se regterhand met die HOOGSTE Naam, nl. HERE, Koning - Hy regeer oor alle dinge. En! Hy is NABY aan ons (Filippense 4: 4-5)! Ons Koning is met ons! Hoe kan ons dan anders as om in blydskap te lewe?

# HOOFSTUK 8 DIE PASTORALE BRIEWE

Skema:

1. Die naam "Pastorale Briewe"

2. Die geadresseerdes.

3. Outentisiteit

4. Tyd en plekke van ontstaan.

5. Die doel van Pastorale Briewe.

6. Tema en struktuur van elke brief.

6.1 I Timotheüs: Die oordrag van die pastoraat, en hoe om 'n goeie dienaar van Christus te wees.

6.2 Titus: Die opdrag van die pastoraat.

6.3 II Timotheüs: Pastorale bemoediging vanuit die dodesel.

7. Openbaringsbetekenis van die Pastorale Briewe in die Kanon.

## 1. DIE NAAM "PASTORALE BRIEWE"

Die benaming "Pastorale Briewe" as aanduiding van Paulus se twee briewe aan Timotheüs en sy brief aan Titus is die eerste keer, sover bekend, gebruik deur D.N Berdot in 1703. Dit het onmiddellik inslag gevind en is tot vandag toe die algemeen bekende en aanvaarde kollektiewe naam vir dié belangrike Nuwe Testamentiese geskrifte.

"Pastor" is die Latynse woord vir "herder", sodat die drie geskrifte deur hierdie kwalifiserende benaming omskryf word as "die herderlike briewe" van Paulus.

Dit is nie verbasend dat die benaming soveel inslag gevind het nie, want in hierdie briewe is die herder-apostel inderdaad besig om aan die jong herderleraars van twee jong gemeentes advies te gee oor en hulle op te wek tot getroue en effektiewe herderlike versorging van die kudde van Christus!

## 2. DIE GEADRESSEERDES

Timotheüs en Titus was twee van Paulus se getrouste en blykbaar ook bekwaamste medewerkers op sy sendingreise en die daaropvolgende opbou van die jong gemeentes. Dit was naamlik die apostel se gebruik om op sy reise jong helpers saam te neem, wat hy, na sy aanvanklike sendingprediking in 'n nuwe plek en die stigting van 'n gemeente aldaar deur homself, dan daar agtergelaat het as herder en leraar, terwyl hy intussen met 'n ander helper(s) verder gaan .

Van die verbintenis tussen Paulus en Timotheüs lees ons vanaf die begin van die tweede sendingreis in Handelinge 16: 1 e.v.v. Hy was 'n jongman van Listre in Iconium, seun van 'n

gelowige Joodse moeder en 'n Griekse vader. Van toe af was hy blykbaar gedurig in samewerking met Paulus, en ons lees van hom in nie minder nie as sewe van Paulus se briewe a en II Thessalonicense, II Korinthiërs, Romeine, Kolossense, Filemon en Filippense) terwyl nog twee persoonlik aan hom gerig was.

Van Titus lees ons minder: Niks in Handelinge nie, maar wel in II Korinthiërs, Galasiërs en II Timothelis, plus dan die brief wat aan hom persoonlik gerig is. Hy was 'n gelowige Griek (Galasiërs 2: 3) wat blykens Paulus se baie goeie getuienis van hom (vgl. II Korinthiërs 8: 16-24) 'n getroue herder en leraar was wat tydens die sendingreise van Paulus veral in Korinthe gearbei het.

Op die tydstip van die skrywe van I Timotheüs tree Timotheüs op as pastor van die gemeente van Efese (I Timotheüs 1: 3), terwyl Titus pastor van die eiland Kreta is as Paulus aan hom skryf (Titus 1: 5). Hoewel dit nie vermeld word nie, was Timotheüs by die skrywe van die tweede brief aan hom waarskynlik steeds herder in Efese.

## 3. OUTENSITEIT

### 3.1 ERNSTIG BETWIS

Hierdie briewe was sedert die begin van die 19e eeu die mees bevraagtekende geskrifte van Paulus - en so is dit vandag nog. Die outentisiteit van die briewe, dit wil sê, hulle egtheid as briewe wat werklik deur Paulus geskryf is, word oor 'n wye front misken - nie net in radikaalkritiese kringe nie, maar ook deur meer behoudendkritiese geleerdes (bv. A. F. J. Klijn).

Die vraag na die outentisiteit verdien dus by die Pastorale Briewe ons besondere aandag.

### 3.2 EKSTERNE GETUIENIS

Van onmiskenbare belang by die oorweging van die kritici se besware, is die saak van die eksterne getuienis, dit wil sê die getuienis van die skrywers in die Vroeë Kerk. Dit is naamlik 'n feit dat daar nooit voor moderne tye ENIGE twyfel was oor die egtheid van die Pastorale Briewe nie. Polycarpus haal reeds vroeg in die tweede eeu dikwels daaruit aan en so ook Clemens Romanus en ander van die Apostoliese Vaders. Irenaeus erken hulle sonder meer as kanonieke briewe van Paulus, en so is hulle ook opgeneem in die Canon Muratori en by alle

latere kerkvaders. Die enigste uitsondering is Marcion 140 n. C. - vgl. egter hieronder).

### 3.3 DIE ARGUMENTE VAN KRITICI TEEN DIE OUTEN- SITEIT GEWEEG

(In noue aansluiting by R. H Gundry, A Survey of the New Testament, 322-325).

Die vernaamste argumente van kritiese kant kan soos volg saamgevat en beantwoord word:

i) Die Pastorale Briewe VERSKIL IN GRAMMATIESE STYL EN VERAL IN WOORDESKAT AANSIENLIK van die ander Pauliniese briewe.

ANTWOORD: Die verskille is nie veel groter as wat aangetoon sou kon word tussen Paulus se Gevangenskapsbriewe en sy vroeëre briewe nie. Die skryfstyl van enige skrywer ontwikkel en verander met die jare, terwyl woordeskat, veral in sulke KORT geskriffies grootliks kan "afwyk" van ander geskrifte van dieselfde skrywer bloot vanweë faktore soos wie sy lesers is, die onderwerp waaroor hy skryf, ens. In die geval van die Pastorale Briewe moes dit beslis 'n rol gespeel het, aangesien Paulus hier nie soos in sy ander briewe aan hele gemeentes skryf nie, maar spesifiek aan LERAARS oor die besondere veld van hulle pastorale arbeid in die gemeentes.

ii) MARCION het die Pastorale Briewe nie in sy Kanon opgeneem n ie en hul le dus as nie-Paulin ies beskou.

ANTWOORD: Marcion, as 'n Gnostiese ketter, het die hele Ou Testament en meer as die helfte van die Nuwe Testament verwerp omdat dit nie met sy beskouinge te rym was nie. In

die Pastorale Briewe word juis dwalinge veroordeel wat die voorlopers was van die tweede eeuse christelik-gnostiese kettery. Dit is dus vanselfsprekend dat Marcion dié briewe op INHOUDELIKE gronde weggelaat het, en nie omdat hy dit as nie-Paulinies beskou het nie.

iii) Die Pastorale Briewe BEVEG GNOSTISISME SOOS DIT IN DIE TWEEDE EEUE BESTAAN HET, en moes dus na Paulus se tyd ontstaan het.

ANTWOORD: Die Pastorale Briewe beveg dwalinge wat grootliks ooreenkom met dié waarteen Paulus in Kolossense skryf wat 'n vermenging van Judaïstiese en hellenistiese beskouinge met die ware geloof is, en wat juis die voorlopers was van die tweede eeuse Gnostisisme.

iv) Die Pastorale Briewe getuig van 'n KERKLIKE ORGANISASIE IN 'N GEVORDERDE STADIUM wat beswaarlik reeds in Paulus se tyd kon bestaan het.

ANTWOORD: Hierdie argument is tipies van die Godsdiens-historiese Skool se evolusionistiese vooroordele, en hou dus weinig steek. Paulus wil, anders as in sy ander briewe, hier juis aan twee leraars leiding gee in die gemeente-opbou, en daarom kom "kerklike-organisasie" hier vanselfsprekend duideliker navore.

v) Die Pastorale Briewe bevat HISTORIESE EN GEOGRAFIESE GEGEWENS WAT NOG VOORKOM IN NOG OOREENSTEM MET GEGEWENS IN HANDELINGE. Dit sou toon dat die pseudepigraaf hiermee sy onkunde aangaande Paulus se lewe verraai.

Die vernaamste sogenaamde teenstrydigheid is die feit dat volgens die Titusbrief Paulus vir Titus in

Kreta agtergelaat het (Titus 1: 5) en self na Nikopolis in die weste van Griekeland gegaan het (Titus 3: 12), terwyl Handelinge nie verhaal dat Paulus ooit die eiland Kreta of Nikopolis besoek het nie.

ANTWOORD:

'n Onbetwisbare antwoord hierop kan nie gegee word nie, maar wel 'n waarskynlike: Volgens die aard van die boek Handelinge het Lukas nie gepoog om 'n volledige lewensbeskrywing van Paulus te gee nie. Die Pastorale Briewe self wek die indruk dat Paulus na sy eerste gevangenskap in Rome (Handelinge 28) vrygelaat is (vgl. II TIMOTHEÜS 4: 16), soos Paulus tewens volgens Filippense 1: 25 en 2: 24 self verwag het; dat hy daarna nog 'n sendingreis onder neem het (waarskynlik oor Kreta en Nikopolis en tot in

$panje) waartydens hy I Timotheüs en Titus geskryf het; dat hy daarna 'n tweede gevangenskap in Rome ondergaan het, waartydens hy II Timotheüs geskryf het, en wat uitgeloop het op sy teregstelling (soos Paulus verwag het volgens II Timotheüs 4: 6-8).

Daar is wel getuienis - hoewel skraal - van so 'n tradisie in die Vroeë Kerk- wat teruggaan so vroeg as Clemens

van Rome (I Clemens 5: 7: "Hy het die regverdigmaking geleer aan die hele wereld en het heengegaan van die

wereld, nadat hy gegaan het tot aan die grens van die Weste".(Waarskynlik is Spanje bedoel).

Dan bots Handelinge en die Pastorale Briewe nie, maar is die histories-geografiese gegewens van die Pastorale Briewe AANVULLEND by Handelinge.

SLOTSOM: Ons konkludeer dus dat daar geen geldigegronde is om die ondubbelsinnige getuienis van die Pastorale Briewe en die baie sterk tradisie van die Vroeë Kerk te verwerp dat Paulus hierdie briewe as sy laaste drie geskrifte geskryf het nie.

102

## 4. DIE TYD EN PLEKKE VAN ONTSTAAN

In die lig van punt 3 hierbo kan ons hieroor heel kortliks handel:

Paulus is wanneer hy I Timotheüs en Titus skryf, weer vry op reis na sy twee jaar gevangenskap in Rome (plus-minus 6062 n. C. ) Vanwaar I Timotheüs geskryf is aan Timotheüs wat in Efese is, word nie gesê nie, maar die Titus-brief word geskryf vanaf Nikopolis aan die weskus van Griekeland aan Titus op die eiland Kreta.

II Timotheüs is duidelik Paulus se laaste geskrif: Hy is weer in die gevangenis, duidelik weer in Rome (II Timotheüs 1: 16-17) en nou is sy einde op hande (II Timotheüs 4: 6-8).

Aangesien ons nie weet hoelank Paulus na sy eerste gevangskap in Rome op vrye voet was of hoelank sy tweede gevangenskap geduur het voor sy teregstellng nie, kan hierdie briewe slegs by benadering gedateer word.

Ons kry dus die volgende beeld:

a) I Timotheüs:

PLEK VAN SKRYWE: ?

WAARHEEN: Efese

DATUM: plus-minus 62-64 n.C.

b) Titus:

PLEK VAN SKRYWE: Nikopolis, Griekeland

WAARHEEN: Kreta

DATUM: plus-minus 62-64 n.C.

c) II Timotheüs:

PLEK VAN SKRYWE: Gevangenis in Rome

WAARHEEN: Efese (?)

DATUM: plus-minus 64-65 n.C.

## 5. DIE DOEL VAN DIE PASTORALE BRIEWE

I Timotheüs en Titus is in ongeveer dieselfde omstandighede aan twee persone in soortgelyke situasies geskryf in ongeveer dieselfde tyd, en het daarom duidelik dieselfde doel voor oë: Die apostel wil aan twee van sy helpers wat hy in verskillende gemeentes wat deur hom gestig is, agtergelaat het as herder-enleraars "PASTORALE ADVIESE " gee rakende die prediking, verdediging van die evangelie teen dwalinge, herderlike werk, kerkregering.

Met II Timotheüs is die situasie totaal anders: Die gryse apostel is opnuut gevange en weet dat sy dood op hande is, en daarom wil hy 'n DRINGENDE LAASTE BOODSKAP rig aan sy getroue jong helper en leraar van Efese. Die brief is dringend in sy waarskuwing en opwekkinge; sterk persoonlik en intiem in sy herinneringe en toekomsverwagting. Dit kan met reg genoem word PAULUS SE GEESTELIKE TESTAMENT aan sy geestelike kind, Timotheüs.

## 6. TEMA EN STRUKTUUR VAN ELKE BRIEF

6.1 I TIMOTHEÜS: DIE OORDRAG VAN DIE PASTORAAT, EN HOE OM "N GOEIE DIENAAR VAN CHRISTUS TE WEES

6.1.1 Tema:

Hoewel Paulus weer op vrye voet is en met sendingwerk op reis is, wek die brief sterk die indruk dat Paulus weet dat hy moontlik nie self wéér in Efese sal kom nie en dat Timotheüs voortaan alleen daar moet voortarbei.

Daarom gaan Paulus, na 'n kort oorsig oor sy bediening en prediking in hoofstuk 1 daartoe oor om in 1: 18 sy taak

ten opsigte van Efese finaal oor te dra aan Timotheüs ("Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe, my kind Timotheüs . . "), om dan in die volgende hoofstuk die roeping of opdragte van die ware pastor te behandel. Hoewel die brief 'n verskeidenheid sake aanroer, gaan dit steeds om één tema: HOE OM 'N GOEIE DIENAAR VAN JESUS CHRISTUS TE WEES (vgl. die kernvers 4: 6) vgl. ook 3: 15:"dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God."

Die tema geformuleerd kan dus lui:

Die oordrag van die pastoraat en hoe om 'n goeie dienaar van Christus te wees.

6.1.2 STRUKTUURANALYSE

DIE OORDRAG VAN DIE PASTORAAT, EN HOE OM 'N GOEIE DIENAAR VAN CHRISTUS TE WEES,

1. AANHEF - 1: 1-2

2. DIE APOSTEL DRA DIE BEDIENING VAN DIE WARE EVANGELIE OOR AAN DIE PASTOR TIMOTHEÜS- 1: 3-20.

a. Waarskuwing teen 'n verdraaide prediking (1: 3-11).

b. Dankbare terugblik op sy eie bediening van die Woord (1: 12-17).

c. Die oordrag van die boodskap aan Timotheüs (1: 18-20),

3. PASTORALE OPDRAGTE AAN TIMOTHEÜS - 2:1 - 6: 10.

a. Oor die gebed in die gemeente (2: 1-8).

b. Oor die plek van die wou in die gemeente (2: 9-15).

c. Oor die vereistes vir ouderlinge en diakens (hoofstuk 3).

d. Oor toegewyde prediking en weerlegging van die dwalinge (hoofstuk 4).

e. Oor die pastorale versorging van bejaardes en weduwees (5: 1-16).

f. Oor die onderlinge tug in die gemeente (5: 17- 6: 10).

4. PERSOONLIKE VERMANINGE AAN TIMOTHEÜS AS 'MAN VAN GOD"- 6: 11-21.

6.2 TITUS: DIE OPDRAG VAN DIE PASTORAAT

6.2.1 Tema:

Die tema van die Titus-brief is basies dieselfde as in I Timotheüs - alleen die uitdruklike oordrag van die Evangeliebediening aan Titus ontbreek. Blykens 1: 5 bestaan die brief inhoudelik uit herinneringe aan pastorale opdragte wat Paulus reeds vroeër aan Titus gegee het.

Ons wil die tema dus so FORMULEER: Die opdrag van die pastoraat.

6.2.2 STRUKTUURANALISE

DIE OPDRAG VAN DIE PASTORAAT

1. AANHEF- 1: 1-4

2. PASTORALE OPDRAGTE AAN TITUS 1: 5- 3:11.

a Oor die verkiesing van en vereiste vir ouderlinge (1: 5-9).

b. Oor die weerlegging van die dwalinge (1: 10-16).

c. Oor pastorale versorging van bejaardes, jongmense, slawe (2: 1-10).

d. Oor die christelike lewenswandel van die gemeente (2: 11- 3: 7).

e. Oor die tug in die gemeente (3: 8-11).

3. PERSOONLIKE SAKE EN SLOT - 3: 12-15.

6 3 II TIMOTHEÜS PASTORALE BEMOEDIGING VANUIT DIE DODESEL.

6.3.1 Tema

Die wonderlike van hierdie laaste brief van Paulus is dat hy vanuit die gevangenis, met geen hoop op vrylating of behoud van sy lewe (4: 6-8), tog geen ondergangstemming openbaar nie, geen simpatiesoeker is nie, maar hom bekommer oor Timotheüs en die kerk se welsyn. So skryf hy 'n GEESTELIKE TESTAMENT VOL BLYMOEDIGE

BEMOEDIGINGE aan Timotheüs as gelowige en as pastor. Hierdie brief is in heel besondere sin 'n PASTORALE brief: Hier is die herder (pastor) Paulus besig met pastorale bemoediginge aan sy geestelike kind!

Tema geformuleerd: Pastorale bemoediging vanuit die dodesel

6.2.2 STRUKTUURANALISE

PASTORALE BEMOEDIGING VANUIT DIE DODESEL

1. AANHEF- 1: 1-2

2. BEMOEDIGING TOT VOLHARDING IN DIE PERSOONLIKE GELOOFSLEWE - 1: 3-18.

3. BEMOEDIGING TOT VOLHARDING IN DIE PASTORALE BEDIENING- 2: 1- 4: 5.

a. Opwekking tot stryd en gewillige Iyde in die bediening (2: 1-13).

b. Waarskuwing teen twis en stryd binne die gemeente (2: 14- 26).

c. Opwekking en bemoediging om die dwaalleer met die WOORD te beveg (3: 1- 4: 5).

4. BEMOEDIGING VANUIT PAULUS SE EIE VOLBRAGTE PASTORALE WERK - 4: 6-18.

a. My teregstelling is op hande - maar ek is 'n

geloofsoorwinnaar' (4: 6-8).

b. Finale reëlings vir die voortgang van die Evangelie (4: 9-16).

c. Deur Gods genade is my dienswerk volbring! (4: 17-18).

5. LAASTE GROETE EN SEËNBEDE - 4: 19-22.

## 7. OPENBARINGSBETEKENIS VAN DIE PASTORALE BRIEWE IN DIE KANON

7.1 Hierdie briewe beklee 'n unieke plek in die Kanon: Hulle is die enigste onder Paulus se geskrifte, tewens onder al die boeke van die Nuwe Testament, waarin die openbaringswoord spreek tot herders en leraars in die kerk van Christus!

Daarom het hulle ook 'n besondere waarde as geïnspireerde onderrig oor hoe Christus self wil hê dat sy kerk in sy Naam gelei moet word in alle waarheid.

7.2- Hierdie briewe is besonder waardevol met die oog op 'n Skriftuurlike kerkregering: die aanduiding van die plek van die ouderlinge as regeerders van die gemeente; die gelykheid van die ampte van diakens en ouderlinge; die hoë goddelike vereistes om die besondere ampte waardig te wees; ensovoorts (I Timotheüs 3: 1-15; I Timotheüs 5:17-22; Tltus 1: 5-9).

7.3 Die briewe beklemtoon die onmisbare plek van PERSOONLIKE pastorale versorging in die gemeente: Oues van dae, jongmense, vroue, weduwees, rykes en armes - elk moet na sy eie behoeftes uit die Woord bemoedig en vermaan word (I Timotheüs 5: 1-16).

7.4 II Timotheüs 3: 10 - 4: 5 is van besondere belang as Skrifopenbaring oor die gesag van die Bybel as Woord van God: "Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus (3: 16-17).

7.5 II Timotheüs 4: 6-18, die afskeidsgroet van die apostel op die vooraand van sy teregstelling, is seker van die aangrypendste openbaringe van die triomf van die genade in die lewe van die kind van God - 'n oorwinningslied uit die dodesel! (Vgl. veral vss. 6-18 en 17-18)

## ENKELE BRONNE:

GREIJDANUS, S: Bizondere Canoniek van de Boeken van het Nieuwe Testament. Deel II BrievenOpenbaring, Kampen 1949.

GUNDRY, R.H.: A Survey of the New Testament, Grand Rapids, 1970.

GUTHRIE, D.: New Testament Introduction, London, 3 reprinted 1974.

KLIJN, A. F. J.: De Wordingsgeschiedenis van het Nieuwe Testament, Antwerpen, 2 1968.

KUMMEL, W. G.: Introduction to the New Testament, translated from the 14th Revised Edition (1965), London, 3 1972.

MULDER, H.: Gids voor het Nieuwe Testament,Kampen, 1962.

TENNEY, M.C.: New Testament Survey, London, reprinted 1970.